Mei - Junie 2022

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 21, No. 3 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mei & Jun 2021 *Tomorrow's World*-tydskrifte



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

## U toekoms in 'n boek

'n Paar jaar gelede het die futuris, dr. Michio Kaku, voorspel dat die wêreld oor 'n periode van tien jaar sou oorgaan "van 'n internet na 'n breinnetwerk, waarin gedagtes, emosies, gevoelens en herinnerings onmiddellik regoor die planeet gestuur kan word". Soos baie futuriste, het dr. Kaku 'n rooskleurige prentjie geskilder.

Hy het aan Jacqueline Howard van *Huffington Post* verduidelik: "Tieners sal versot raak op sosiale media en sal herinneringe en sensasies van hulle matriekafskeid, hulle eerste afspraak ensovoorts, met mekaar kan deel". Hy gaan voort: "Geskiedkundiges en skrywers sal gebeure nie net digitaal kan opneem nie, maar ook emosioneel". Die bemoedigendste van alles: "Miskien sal selfs spanning tussen mense afneem namate mense die pyn van ander mense sal kan begin voel en ervaar" ("*7 Top Futurists Make Some Pretty Surprising Predictions About What The Next Decade Will Bring,*" 26 Mei 2015).

Dit klink opwindend nie waar nie? Daar is egter nou ses van die tien jaar van sy voorspelling verby en ons het lankal geleer dat die toekoms van tegnologie 'n donker kant het. Sommige van die grootste name in die Internet-revolusie – die tegnoloë en entrepreneurs wat sosiale media ontwikkel het – het ontnugter geraak met die monster wat hulle help skep het en hulle waarsku nou daarteen en beskerm selfs hulle eie kinders daarteen (sien ons artikel "Tem die sosiale media monster" in die Maart-April 2019 uitgawe by *wvm.co.za*).

Sedert Dr. Kaku se voorspellings van 2015 het ons gesien dat die wêreld meer as ooit verdeeld geraak het. Dit is moeilik om te begryp teen watter tempo ons wêreld besig is om te verander en 'n mens kan nouliks sê dat dit ten goede verander. Hoe meer mense op Internet staatmaak vir interaksie tussen mense, hoe meer depressief raak hulle. Hierdie tendens is al vóór COVID-19 opgemerk en het net toegeneem. Intussen voer aanlyn-kenners 'n voortdurende stryd tussen die ideale om "vrye spraak" te bevorder en "haatspraak" te bekamp.

Wanneer tieners van vandag voel dat hulle die sprokies-lewenswyse wat deur hulle eie ouderdomsgroepe op sosiale media uitgebeeld word, misloop, hoeveel seerder sal die 16-jarige meisie voel wat *nie* na die matriekafskeid uitgevra is nie? Sal sy verplig voel om saam met die stroom van meisies te gaan wat probeer om seuns te word in 'n poging om haar emosionele leegheid te vul? Afknouery was nog altyd 'n probleem vir seuns asook meisies en sosiale media bied nóg 'n kragtige manier om 'n mens se vyande, mededingers of die swakkeres af te knou, bloot vir sadistiese plesier.

Wil ons regtig hê dat sosiale media, op emosionele steroïede, te voorskyn kom? Nee dankie!

Futuriste beeld tegnologie dikwels as die oplossing vir ons onbeheerbare menslike probleme uit, maar is dit realisties? Waar en wanneer het tegnologie of wetenskap die probleem van die menslike natuur opgelos? Dit het sekere aspekte van die lewe beslis makliker en geriefliker gemaak – maar as genesing vir die vernietigende kragte van eiewilligheid, hebsug, trots, vooroordeel en haat? Glad nie!

Die bedoeling is nie om dr. Kaku of die talle ander futuriste en dinkskrums te veroordeel wat na die mensdom se pad vorentoe probeer kyk nie. Die toekoms van wetenskap en tegnologie van kunsmatige intelligensie en mediese vooruitgang moet nog ten volle gesien word. Opvallende vordering is duidelik in die vooruitsig, soos selfaangedrewe motors en vragmotors asook hommeltuie wat 'n mens se nuutste aanlyn-aankope aflewer. Selfs om na Mars te gaan is vir die mens nie meer buite die kwessie nie.

Sal enigiets hiervan egter vrede vir ons kommervolle planeet bring? Sal dit egskeiding en die hartseer van kinders wat daarin vasgevang is en nou wonder wat om te doen, voorkóm? Sal tegnologie die probleem van korrupte regeringsleiers wat hulle burgers uitbuit, oplos? Sal dit bende-

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe


**Voorblad**

**Persoonlik – U toekoms in 'n boek**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Verstommende Bybelprofesieë vervul** 3
Kan die toekoms werklik voorspel word? Ontdek die groot aantal profesieë wat regdeur die Bybel vervul is.

**Paaie van die see, weë van die hart** 8
Die Skepper het die paaie van die oseaan tot stand gebring en Hy openbaar ook ons eie motiverings en behoeftes.

**Die waarheid aangaande Anti-Semitisme** 11
Waarom weier hierdie antieke en immer teenwoordige euwel om uit te sterf en steek dit herhaaldelik sy lelike kop in ons moderne wêreld uit?

**Gee leiding ... deur voorbeeld?** 15

**Die subtiele kuns om die Bybel te kanselleer** 17
Waarom die Boek verban wanneer dit net nodig is om die idees daarin te verban? Kanselleer-kultuur is aan die kom vir die Bybel, net een idee op 'n slag.

**Kan ons onself red?** 24
Die wetenskap en die menslike verstand het nuwe hoogtes van prestasies bereik, maar kan ons oorleef sonder God?

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23
Hoe behoort ons God se Sabbat te onderhou?


Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Kuns Redakteur**
John Robinson
**Besturende Redakteur**
Wallace Smith

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 086 607 7398

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# Verstommende Bybelprofesieë vervul

Deur Richard F. Ames

***Kan die toekoms werklik voorspel word? Ontdek die groot aantal profesieë wat regdeur die Bybel vervul is.***

Die meeste mense wat hulleself Christene noem, weet so in die algemeen dat die eerste Christene slegs die Skrifte, wat vandag as die Ou Testament bekend staan, gehad het. Hulle weet dat mense in die tyd van Jesus van Násaret daardie Skrifte gelees het en daaruit verstaan het dat Hy die geprofeteerde Messías was.

Nie so baie mense weet egter van die baie wonderlike profesieë wat in u Bybel voorkom nie. Afhangende van hoe dit bereken word, is tussen 'n kwart en 'n derde van u Bybel, profesie. Volgens J. Barton Payne se *Encyclopedia of Biblical Prophecy* bevat u Bybel 1,817 voorspellings oor die toekoms. Hierdie profesieë voorspel nie net die koms van Jesus Christus nie; dit verduidelik heelwat oor die opkoms en ondergang van nasies en die eindtydse rampe en plae wat tot die einde van menslike lewe sou lei as dit nie geprofeteer was dat Jesus Christus sal terugkeer en die Koninkryk van God op hierdie aarde sal vestig nie.

In hierdie kort artikel sal ons net enkele merkwaardige voorbeelde bespreek asook wat dit vir u geloof en u toekoms beteken.

**Die Messías is voorspel**

Een van die merkwaardigste voorbeelde van vervulde Bybelse profesie is die omvangryke aantal spesifieke vermeldings van die geprofeteerde Messías. Die Ou Testament bevat meer as 300 verwysings na Sy koms. Wat is die kans dat die 300 profesieë almal vervul sou kon word? In sy boek, *Science Speaks,* het die ontslape wiskundige, Peter Stoner (1888-1980), die waarskynlikheid ondersoek dat een persoon selfs net 48 van hierdie profesieë sou kon vervul. Die kans dat dit kan gebeur, sou een wees in $10^{157}$. Om dit in perspektief te plaas, sou wees soos om met die eerste poging een spesifieke elektron uit al die elektrone in die hele bekende heelal te vind en dít is net 48 van die 300 profesieë.

Sommige skeptici probeer om al rondom die punt te redeneer met idees wat die inspirasie van die Bybel probeer afmaak of om die eerste Christene as dwase te beskou. Indien u nie alreeds waardering het vir die verstommende konsekwentheid en geskiedkundige geloofwaardigheid van die Skrif nie, lees ons insiggewende boekie, *Die Bybel: Feit of Fiksie*? U sal bemoedig word deur dit wat u leer.

Kom ons kyk baie spesifiek na enkele van die bekendste Messiaanse profesieë en die vervulling daarvan. *Halley se Bybelhandboek* bevat 'n nuttige lys:

> Dat Hy uit 'n maagd gebore sou word (Matthéüs 1:23; Jesaja 7:14).
>
> Dat Hy in Betlehem gebore sou word (Matthéüs 2:6; Johannes 7:42; Miga 5:1).
>
> Dat Hy tydelik in Egipte sou bly (Matthéüs 2:15; Hoséa 11:1).
>
> Dat Hy tydelik in Galiléa sou woon (Matthéüs 4:15; Jesaja 9:1, 2) ...
>
> Dat Sy koms deur 'n boodskapper, soortgelyk aan Elia, aangekondig sou word (Matthéüs 3:3; 11:10-14; Markus 1:2-3; Lukas 3:4-6; 7:27; Johannes 1:23; Jesaja 40:3-5; Maleági 3:1; 4:5) ...
>
> Dat Sy bediening een van genesing sou wees

(Matthéüs 8:17; Jesaja 53: 4) ...

Dat hy verraai sou word deur 'n vriend vir 30 silwerstukke (Matthéüs 27:9-10; Johannes 13:18; Sagaría 11:12-13; Psalm 41:10) ...

Dat Sy sy deurboor sou word (Johannes 19:37; Sagaría 12:10; Psalm 22:17).

Dit is maar enkele van die vele profesieë aangaande die Messías wat vervul is. 'n Ander baie belangrike profesie behels die tydsberekening van Sy koms. Die Jode van Jesus se tyd was bewus van die belangrike profesie van die profeet Daniël wat die verskyning van die Messías voorspel het: "Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf" (Daniël 9:24).

Let op dat hierdie geprofeteerde figuur, versoening vir ongeregtigheid sou maak! Baie tekste toon dat die Messías vir die sondes van die wêreld sou sterf sodat ons vergewe en met God versoen kan word. Johannes die Doper het getuig en so na Jesus verwys: "Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" (Johannes 1:29). Wat Christus betref, lees ons ook: "In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade" (Efésiërs 1:7).

Daniël se profesie herinner ons daaraan dat een van die belangrikste redes vir die koms van die Messías was om versoening vir ongeregtigheid te bewerkstellig. Elkeen van ons kan vir ons sondes vergewe word deur die bloed van Christus indien ons doen wat Jesus beveel: "... bekeer julle en glo die evangelie" (Markus 1:15). Later preek die apostel Petrus op Pinksterdag vir 'n skare: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang" (Handelinge 2:38). Het *u* u al bekeer? Glo *u* in die ware Evangelie van die Koninkryk van God?

Daar is egter veel meer aan Daniël se profesie verbonde. In profetiese terminologie simboliseer 'n "dag" dikwels 'n jaar in die vervulling daarvan. Daniël se profesie sê dat daar *69* weke voor die koms van die Messías sou wees, wat elk uit sewe dae bestaan – 483 profetiese jare. "Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee-en-sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word ..." (Daniël 9:25).

Indien ons dus weet wanneer die profesie 'n aanvang neem kan ons weet wanneer Christus met Sy versoeningswerk sou begin! Dit is interessant dat baie geleerdes na die dekreet van Artaxerxes verwys as die beginpunt wat deur geskiedskrywers op 457 v.C. gestel word. Watter jaar is 483 jaar later? Aangesien daar nie 'n jaar 0 is nie, sien ons dat die bediening van die Messías volgens Daniël se profesie in 27 n.C. sou begin!

Ja sekerlik dui die Evangelie van Lukas beslis aan dat nét nadat Johannes vir Jesus in die Jordaanrivier gedoop het, "... Jesus, ... omtrent dertig jaar oud [was] toe Hy begin *leer* het" (Lukas 3:23). Wanneer is Jesus dus gebore? Wanneer ons 30 jaar van 27 n.C. aftrek, kom ons by 4 v.C. uit – dit is die tyd wat geleerdes hoofsaaklik glo dat Jesus gebore is! Ja, Jesus Christus het Daniël se profesie tot op die presiese jaar vervul en het met Sy bediening van versoening vir ongeregtigheid in 27 n.C. begin!

Natuurlik is daar ander aspekte van Daniël se profesie wat deur Christus vervul sal word wanneer Hy weer kom. Daniël beskryf nog drie missies vir die toekoms. Wanneer Hy weer kom, sal die Messías die profesieë vervul "om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf" (Daniël 9:24).

Let daarop dat "hoogheilig", hier verwys na die Tempel in Jerusalem wat gedurende die komende Millennium opgerig en in gebruik sal wees (vgl. Eségiël 40-43), soos u kan sien in die

Nuwe Afrikaanse vertaling wat "die tempel" lees.

**Die val van 'n Koninkryk was voorspel**

Ons behoort nie verbaas te wees dat die Almagtige God, profesieë eeue en selfs millennia voor die vervulling daarvan aan ons kan gee nie. Deur die profeet Jesaja verklaar Hy: "Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; *Ek is* God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen" (Jesaja 46: 9-10).

Een interessante, maar minder bekende voorbeeld van die vervulling van profesie, het betrekking op die val van antieke Babilon. Terwyl God hierdie profesie geopenbaar het, was Babilon die grootste ryk ter wêreld. Menslike logika sou nie die ondergang daarvan kon voorspel nie. Tog het die profesieë in die Bybel voorspel dat hierdie groot moondheid ander nasies sou straf as 'n instrument van God se oordeel en dan self vir hulle sondes geoordeel sou word.

Stel u voor dat iemand tydens die Eerste Wêreldoorlog verklaar het dat Boris Johnson die Eerste Minister van die Verenigde Koninkryk sou word. Onmoontlik? Wel, meer as honderd jaar voor die omverwerping van die groot Babiloniese ryk, het die profeet Jesaja die man se naam genoem wat verantwoordelik sou wees vir die val van Babilon. God sê van Kores: "Hy is my herder, en hy sal alles volbring wat My behaag deurdat hy van Jerusalem sê: Dit moet gebou word, en die tempel moet gegrond word" (Jesaja 44:28). Kores was koning oor die Perse vanaf ongeveer 558 v.C. tot 529 v.C. Jesaja het dus in die agtste eeu v.C. geprofeteer oor 'n koning wat eers in die sesde eeu v.C. gebore sou word!

Jesaja het nie net Kores se naam voorspel nie; hy het ook voorspel hoe Kores Babilon sou binnegaan om dit te verower. Kores was instrumenteel daarin om die Jode toe te laat om na Jerusalem terug te keer en die tweede tempel te bou. God het eeue vroeër aangekondig dat Hy Kores op 'n spesiale manier sou gebruik: "So sê die HERE aan sy gesalfde, aan Kores, wie se regterhand Ek gevat het om nasies voor hom neer te werp, terwyl Ek die lendene van konings losgord; om voor hom deure oop te maak, en poorte sal nie gesluit bly nie: Ek self sal voor jou uit gaan en hoogtes gelykmaak; koperdeure sal Ek verbreek en ystergrendels stukkend slaan. En Ek sal jou die skatte gee wat in die donkerheid is en die verborge rykdomme, sodat jy kan weet dat Ek die HERE is wat jou by jou naam roep, die God van Israel" (Jesaja 45:1-3).

Die verwysing na die "dubbele deure" [OV: net "deure"] toon aan hoe God die weg oopgemaak het vir Kores se leër om die stad in te neem. Dit het gelyk asof die stad Babilon, met sy massiewe mure en verdediging, nie ingeval sou kon word nie. Die stad het boonop voorrade gehad om 'n beleg van twintig jaar te kon oorleef – die Babiloniërs het Kores se leër dus net uitgelag toe hulle die stad aanval.

Die Eufraatrivier het deur die middel van Babilon gevloei, onderdeur die massiewe hekke in die muur. Kores het 'n vernuftige metode gebruik om hierdie hindernis te oorkom; sommige van sy manne het kanale stroomop gegrawe om die stroom van die rivier af weg te lei.

Meer as 100 jaar voor Kores se geboorte het u Bybel geprofeteer en selfs sy naam genoem, dat Kores die Grote die groot vesting van Babilon sou oorwin. Die wêreldse Griekse geskiedskrywer, Herodotus, het ook van hierdie gebeurtenis geskryf. Kores en sy nievegtende troepe ...

> ... het die diepte van die water in die werklike rivierbedding tot so 'n mate verminder dat deurgang moontlik geword het en die Persiese leër, wat vir dié doel by Babilon agtergelaat is, het die rivier, wat nou net so diep soos die hoogte van die middel van 'n man se dy was, binnegegaan, daarlangs geloop en hulle kon so in die stad ingaan ... Die Babiloniërs sê self dat as gevolg van die grootte van die stad,

die buitewyke ingeneem is sonder dat die mense in die middel van die stad iets daarvan geweet het; daar was 'n fees aan die gang en hulle het aangehou dans en hulleself vermaak totdat hulle die nuus op die harde manier geleer het. Dit is dan ook die verhaal van die eerste inname van Babilon (*The Histories*, in Engels vertaal deur Aubrey de Sélincourt, boek 1, hoofstukke 191-192).

Verstommend! Die wêreldse geskiedskrywer Herodotus bevestig, net soos ander bronne, byvoorbeeld Xenophon se *Cyropaedia*, dat Bybelprofesieë dramaties en akkuraat vervul is! Die profeet Daniël was in die stad Babilon daardie nag toe die Persiese leër van Kores dit verower het. Deur hierdie profeet het God ook aan koning Bélsasar bekendgemaak wat met hom en die ryk sou gebeur. Dit is die bekende verhaal van God se skrif aan die muur. Koning Bélsasar het 'n fees vir duisende van sy edelmanne voorberei. Hulle het wyn gedrink uit die geplunderde goue houers uit die tempel in Jerusalem. "Op dieselfde oomblik het daar vingers van 'n mens se hand te voorskyn gekom en teenoor die kandelaar op die kalk van die muur van die koninklike paleis geskrywe, en die koning het die deel van die hand gesien wat geskrywe het. Toe het die gelaatskleur van die koning verander, en sy gedagtes het hom verskrik, en die gewrigte van sy heupe het losgeraak, en sy knieë het teen mekaar geslaan" (Daniël 5:5-6).

Daniël is gevra om hierdie inskripsie uit te lê. "En dit is die skrif wat geskrywe is: Mené, mené, tekél ufarsín" (Daniël 5:25). Daniël sê toe vir koning Bélsasar: "Dit is die uitleg van die woord: Mené – God het u koningskap getel en daar 'n einde aan gemaak; tekél – u is op die weegskaal geweeg en te lig bevind; perés – u koninkryk is verdeel en aan die Meders en Perse gegee" (verse 26-28). "In dieselfde nag is Bélsasar, die koning van die Chaldeërs, gedood. En Daríus, die Meder, was twee-en-sestig jaar oud toe hy die koningskap ontvang het" (Daniël 5:30; 6:1). Die koninkryk van die Meders en die Perse het die koninkryk van Babilon vervang, net soos God voorspel het.

**Die hand van God in wêreldsake**

Selfs in moderne tye gryp God in om nasies en volke te lei. Hou in gedagte, die Britse Ryk was nie altyd die oorheersende mag wat dit was voor sy onlangse agteruitgang nie. In sy insiggewende boekie, *Vervulde Profesie: God se Hand in Wêreldsake,* het wyle dr. Roderick Meredith (1930-2017) beskryf hoe God vantevore die Engelse vlootmagte gered het deur die kragte van die weer te gebruik:

> "In 1586-87 is Katolieke oorheersing van die Engelse troon in die wiele gery deur die teregstelling van Mary, koningin van die Skotte. Die volgende jaar het Spanje se Koning Felipe II sy 'onoorwinlike' Armada van 124 skepe teen Engeland losgelaat in 'n poging om weer Katolieke beheer te vestig. Hoewel die Engelse vlootmagte baie hard geveg het, het hul buskruit uiteindelik opgeraak! Op daardie kritieke tydstip het 'n ongekende stormsterk wind opgekom en baie van die goed bewapende, lompe Spaanse galjoene na hulle ondergang gestuur. Die erg beskadigde skepe wat mank na Spanje teruggevaar het, was só deur die storm beskadig dat baie van hulle nooit weer gebruik kon word nie".

Ja, God gryp in die weer in om Sy planne te vervul! Dr. Meredith het gesê:

> "Hy gebruik hierdie mag ook soms om in mense se sake in te gryp: 'Deur die oostewind verbreek U die skepe van Tarsis' (Psalm 48:8) ... ... ... Koningin Elizabeth het ter herdenking aan die Spaanse nederlaag 'n silwermedalje uitgereik

waarop gegraveer is: 'God het geblaas en hulle is verstrooi'. Sy het *geweet* wie beheer oor daardie winde uitgeoefen het op daardie kritieke tydstip in die geskiedenis van haar mense"!

**U wonderlike toekoms**

Ons het gesien dat u Bybel die eerste koms van Jesus Christus akkuraat voorspel het en dat God ook die val van 'n groot ryk, akkuraat voorspel het. Alhoewel Hy tans die sondige mensdom toelaat om homself te regeer sodat hulle sélf die pynlike lesse kan leer wat die gevolg is van die opstand teen God se weg, gryp Hy steeds in om dit wat Hy geprofeteer het te verwesenlik. Hy het báie meer profesieë as wat ons in hierdie artikel kan bespreek. Bybelprofesieë voorspel selfs die opkoms en ondergang van die Verenigde State en die Britse Ryk, sodra 'n mens begryp wie die voorouers van daardie nasies is. Om meer hieroor te wete te kom, lees ons boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* en sien self nóg 'n kragtige voorbeeld van God se wonderlike profesieë wat vervul is – in hierdie geval, duisende jare nadat Hy daardie profesieë geïnspireer het!

Ter afsluiting, laat ons kyk na die wonderlike profesie met betrekking tot Christus se Wederkoms om Sy Koninkryk te kom vestig:

> "Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors – tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskare sal dit doen" (Jesaja 9:5-6).

Ja, aan die "vermeerdering van Sy heerskappy en vrede sal daar geen einde wees nie". Ons het die vervulling gesien van die vele profesieë wat Christus se eerste koms voorspel het, wat aan ons die sekerheid gee dat Sy Wederkoms binnekort sal plaasvind net soos dit voorspel is, om die Koninkryk van God onder Sy ferm en welwillende heerskappy in te lui. Lees ons kragtige boekie, *Die Wêreld van Môre: Hoe sal dit daar uitsien?* om baie meer te leer oor hierdie wonderlike tyd wat in die profesieë in u Bybel voorspel word.

Geagte lesers, ons is in die profetiese tyd van die einde, in afwagting op Jesus Christus se terugkeer om Sy ewige regering te vestig. Hy sal die mensdom van totale uitwissing red. Hy sal blywende vrede vir al die nasies van die aarde bring. Dit is nodig om ons voor te berei vir Sy komende Koninkryk deur Sy opdragte te volg en te bid: "... laat U koninkryk kom" (Matthéüs 6:10).

Ons kan in geloof voorberei. God se Woord – die Bybel – toon dat dit nie net waar is met betrekking tot vervulling van profesie nie, maar ook ten opsigte van die lewenswyse wat dit verkondig. Mag God u seën terwyl u die allerbeste leiding in u lewe toepas, soos deur ons Verlosser gegee: "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" (Matthéüs 6:33). WvM

*Vervolg vanaf bladsy 16 – Gee leiding ... deur voorbeeld?*

gehad het nie. Dit is 'n voorbeeld van Goddelike leierskap wat ons behoort na te streef.

Die rede waarom God besig is om ons karakter te ontwikkel, is omdat Hy beplan om individue met 'n goeie karakter in leierskapsrolle te gebruik. Hy verwag dat diegene wat lei, deur hulle voorbeeld sal lei. Indien u meer wil leer oor die resultate van regverdige leierskap, vra dan gerus 'n gratis eksemplaar aan van *Die Wêreld van Môre: Hoe sal dit daar uitsien?* of lees dit aanlyn by *wvm.co.za.* WvM

# Paaie van die see, weë van die hart

## Deur Bryan Fall

***Die Skepper het die paaie van die oseaan tot stand gebring en Hy openbaar ook ons eie motiverings en behoeftes.***

Waaraan dink ons wanneer ons sien dat die golwe op die strand breek? Dink ons aan onbeheersde ruwe krag? Hoewel dit skynbaar wild en onbeheersd is, verberg hierdie golwe in werklikheid 'n orde wat in die waters se aflandige beweging gevind word.

Die Skepper het 'n presiese ritme bewerk in die eb en vloed van die oseaan se water op ons planeet. Seestrome is onmiskenbaar georden in konsekwente, direk-gerigte bewegings van massiewe hoeveelhede water – so massief dat die Golfstroom, volgens die Nasionale Oseaan- en Atmosferiese Administrasie, 150 keer soveel water as die Amasone-rivier bevat. Seestrome se ligging, rigting en spoed word beïnvloed deur 'n komplekse wisselwerking tussen die aarde se aswenteling, winde, waterdigtheid of temperature, die getye asook eienskappe van die kus en seebodem. Hierdie "paaie van die see" beïnvloed beweging van andersins onbeweeglike dierspesies, sirkulasies van fitoplankton, migrasies van walvisse en selfs die aarde se weerspatrone ("*Ocean Currents,*" *NOAA.gov*, Augustus 2011).

Die vader van moderne oseanografie, Matthew Fontaine Maury (1806-1873), was 'n bekende wetenskaplike van sy tyd. Hy was ook 'n bekwame sterrekundige, weerkundige, geoloog en kartograaf asook 'n Bybelstudent. Maury se dogter het in haar biografie oor haar vader geskryf: "Matthew Maury se vader was baie noukeurig wat betref die godsdienstige opleiding van sy gesin ... Hy het hulle saans en soggens bymekaar laat kom om die Psalm vir die dag, vers vir vers hardop te lees. Op hierdie manier het hierdie kaalvoetseun so bekend geraak met die Psalms van Dawid, dat hy 'n vers kon aanhaal asook die hoofstuk en nommer van die vers kon gee, asof hy die Bybel voor hom oop gehad het" (Diana Corbin, *A Life of Matthew Fontaine Maury,* 1888, bl. 8). 'n Monument wat ter nagedagtenis aan hom in Richmond, Virginia, opgerig is, beeld selfs 'n Bybel langs sy linkerbeen uit. Vandag sou Matthew Maury bestem gewees het om in akademiese en professionele vergetelheid te raak as gevolg van sy aandrang op die geloofwaardigheid van die Skrif. Was hy egter naïef – of was hy wys en insigryk?

### Kartering van die paaie

Na 'n beenbreuk wat Maury se vlootloopbaan kortgeknip het, het hy 19 jaar lank ou skeepsjoernale en vlootrekords bestudeer en bottels met gewigte aan, op die water laat dryf met die doel om 'n teorie te bewys. Hy het onophoudelik tabelle en kaarte saamgestel en het vermoed dat seestrome die aarde se waters beheer. Wat het as inspirasie vir sy teorie gedien? Dit was die Psalms wat sy vader van sy jeug af in sy hart en verstand ingedril het. Psalm 8:9 vertel van die "voëls van die hemel en die visse van die see, wat trek deur die paaie van die see."

Vir sy grafieke en kaarte van enkele seestrome op die see-oppervlak, het Maury eerbewyse en huldeblyke gekry en standbeelde is vir hom opgerig. Die volle kompleksiteit van die wisselwerking van skynbaar oneindige veranderlikes wat die planeet Aarde se weer beïnvloed, bly 'n uitdaging vir vandag se wetenskaplikes. Meteoroloë verwerk baie tera-grepe data, deur van superrekenaars met gesofistikeerde modellering gebruik te maak, maar tog sien ons dat korttermyn-weervoorspellings feitlik daagliks iewers misluk. Langtermyn-weervoorspellings is nog soveel meer onbetroubaar. Met selfs die mees gevorderde rekenaar kan nie-

mand die model wat die Skepper saamgestel en ingespan het volgens Sy bevel, perfek modelleer nie.

Indien 'n Skepper-God duisende jare voor die wetenskaplike ontdekking daarvan, aanduidings van die paaie van die see opgeteken het, wat is nog in die Skrif verberg? Werp dieselfde God wat ons geskep het, lig op ons eie diepgesetelde motiverings en innerlike behoeftes? Daar is al na die Bybel verwys as 'n "lewenskaart". Sou dieselfde God, die hoofweë van die menslike verstand en hart opteken?

**Skepping van hoofweë**

Die navorser en psigiater aan die Universiteit van Columbia, Norman Doidge, MD., beskryf die navorser, Paul Bach-y-Rita, se gebruik van 'n toestel wat blindes in staat gestel het om te sien. Volgens 'n artikel in die wetenskaplike joernaal, *Nature* van 1969 het sy werk meegebring dat dit selfs blindgebore mense gehelp het om te sien ("*Vision Substitution by Tactile Image Projection*"). Bach-y-Rita het 'n groot tandartsstoel, met 'n vibrerende rugleuning en 'n warboel van rekenaars, drade en 'n ateljeekamera gebruik wat saam, meer as 181,43 kilogram geweeg het. Die blinde persoon moes in die stoel ágter die kamera sit. Die seine vanaf die kamera is oorgedra na 400 vibrerende stimulators wat in rye op 'n metaalplaat binne-in die stoel se rugleuning was. Die stimulators wat soos beeldelemente *[pixels]* gefunksioneer het, het gedien as 'n "tasbare visie-toestel" wat die blinde persone in staat gestel het om voorwerpe soos byvoorbeeld 'n telefoon of blompot te lees en te herken. Op 'n skynbaar wonderbaarlike wyse het al die blinde persone 'n merkwaardige verandering vanaf tasbare sensasies na die "sien" van mense en voorwerpe gerapporteer en het selfs gekoes toe 'n bal na hulle toe gegooi is (Norman Doidge, *The Brain That Changes Itself*). Alhoewel dit onprakties was, het hierdie toestel 'n beginsel gedemonstreer wat nou as neuroplastisiteit bekend staan – die vermoë van die brein om te herbedraad en sy funksies aan te pas om aan eise om te verander, te voldoen. Sonder groot omslagtigheid het die brein van hierdie blinde persone, tasbare inligting na die visuele areas van die brein herlei. Die brein het nie net 'n ander roete of neurale senuwee-baan vir neurale boodskappe gekarteer nie, maar ook 'n nuwe bestemming daarvoor uitgesoek – iets wat voorheen as onmoontlik beskou was. Sedertdien het neurowetenskaplikes baie ander voorbeelde van neuroplastisiteit aangedui en selfs aangetoon hoe die brein die oppervlak van die serebrale korteks kan aanpas om te vergoed vir beskadigde areas. Dit is selfs toegepas om aan te toon dat misdadige of afwykende seksuele neigings as gevolg van gewoonte gevorm word in plaas daarvan dat dit aangebore is. Soos die neurowetenskaplike Carla Shatz dit saamgevat het: *"Neurons that fire together wire together* (neurone wat saam vuur is saam bedraad)" (Ter inligting: Dit beteken nuwe stroombane in die brein word gevorm deur herhaling.) (Doidge).

Die eise wat aan u gedagtes en gevoelens gestel word, vorm diepgegroefde hoofweë in u brein en hart. Ons keuses en inderdaad selfs ons gedagtes, het blywende gevolge. Die dinge waaraan ons aandag gee word ingegraveer in die stroombane van ons brein en in die wese van ons harte. Wonderbaarlik het koning Salamo, 'n wyse man uit die verre verlede, dit lank voor Doidge of Bach-y-Rita verstaan. Hy het gesê: "Laat jou oë reguit kyk en jou ooglede hulle reg voor jou uit hou. Maak die pad van jou voet gelyk, en laat al jou weë vas wees, wyk nie regs of links af nie, hou jou voet ver van boosheid" (Spreuke 4:25-27). Die dinge waaraan ons aandag gee, vestig hulleself en word vasgelegde groewe of gewoontes in ons lewe, hetsy ten goede of ten kwade.

Ons kies ons gedagtes, emosies, optredes en uiteindelik ons gewoontes. Kan ons 'n gewenste gevolg kies, sonder om die gepaardgaande hoofweg van die hart wat na daardie resultaat sal lei in ag te neem? Moenie verwag om die gewenste gevolge te kry wanneer jy die verkeerde besluite neem nie.

**Vertrou die instruksies**

As gevolg van Satan se eerste

leuen, wantrou mense ons Godgegewe aanwysings om Sy weg te volg. Hy het vir Adam en Eva gesê dat God ons wil indoen (Génesis 3:4-5). In werklikheid voorsien God ons van 'n weg wat lei na vreugde (Psalm 16:11; Johannes 15:11), oorvloedige lewe (Johannes 10:10), vrede (Filippense 4:7) en gesonde verhoudings. Hy pleit by ons om daardie oorvloedige lewe te kies (Deuteronómium 30:15-20; Johannes 10:10) deur keuses te maak wat in ooreenstemming is met Sy leidende Wet van vryheid (Jakobus 1:25; 2:12), die Tien Gebooie (Exodus 20:1-17; Johannes 14:15).

Ons keuses en denke is belangrik. Eerstens word dit in die stroombane van ons brein vasgelê en word dit in die wese van ons harte deurweef. Dan bring dit vaste onveranderlike en blywende gevolge. Die Skepper weet dit goed. Hy het die magdom meganismes liefdevol ontwerp en gemaak wat álles vorm – van die paaie van die see tot by die hoofweë van ons harte. Geen liefdevolle, onbaatsugtige ouer werp 'n kind weg in die wêreld om te sink en te verdrink nie. God, ons liefdevolle Vader, het ons nie ankerloos gelaat om deur die chaotiese golwe van ons eie misleide emosies, gedagtes en optredes, rondgeslinger te word nie.

Maury het 19 jaar lank ou skeeps-joernale bestudeer op soek na die opgetekende paaie van die see en dit alles om 'n paar kaarte saam te stel. Maury het egter baie meer tyd daaraan bestee om die Bybel te ondersoek. Regverdig u hart se handleiding, die Bybel, nie dat u dit bestudeer nie? WvM

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

*Vervolg vanaf bladsy 26 – Die waarheid aangaande Anti-Semitisme*

hoofsaaklik gemik op die paar Jode wat hulleself manmoedig Christene genoem het, terwyl hulle Jesus se werklike leerstellings behou het in plaas van die heidense en Rooms-geïnspireerde kompromieë. Diegene wat volhard om Christus se voorbeeld te volg, bly vandag 'n uitdaging vir die gewete van 'n wêreld wat Bybelse moraliteit en die onveranderbare, onveranderlike waarheid van die Skrif ontken.

**God se weg oorwin!**

Ons wêreld as geheel wou al lank gelede – reeds tydens die middeleeue en verál vandag – nog nooit enigiets van die moraliteit gehoor het soos God dit definieer nie. Hulle wil nie van die Wette wat reg en verkeerd presies definieer hoor nie – dit sal vir ewig bestaan. Diegene wat haatspraak of geweld teen die Jode aanhits of diegene wat die Kerk vervolg wat deur Jesus Christus gestig is, sal nie suksesvol wees nie. Die moraliteit wat in die bladsye van die Skrif bewaar word, is absoluut, onveranderlik en waar. Dit sal bly voortbestaan ondanks alle pogings om teen God, Sy volk en Sy weg te veg en om ten spyte van die veranderings wat in die belydende Christelikheid aangebring is ná die dood van die oorspronklike Apostels, die waarhede van die Ou Testament wat deur Jesus geleer en gehandhaaf is, te onderdruk.

Ongelukkig *sal* vervolgings voortduur tot aan die einde van hierdie era. Geen mens – nie eers die groot afvallige magte wat voorspel is om voor Christus se Wederkoms op te staan – sal die lewenswyse kan uitdoof wat in u Bybel uiteengesit word nie.

Wanneer ons sien hoe anti-Semitisme sy onkundige kop uitsteek, sal daar nog kragtiger pogings volg met die doel om die wêreld te oortuig om hulle te verset teen die waarheid en moraliteit van die Bybel. Net soos álle ander aanvalle op moraliteit wat in die Wet van die God van die Bybel omskryf is, moet anti-Semitisme gesien word vir wat dit is – 'n poging om die gewete van die mensdom te vernietig. Ons moet hierdie euwels uitken en verwerp vir wat dit is. Gelukkig verseker die Woord van God ons dat dit sál misluk en dat die Wet van God vir *ewig* sal bly bestaan!

WvM

# Die waarheid aangaande Anti-Semitisme

**Deur Stuart Wachowics**

***Sal u die wêreld se druk teenstaan?***

"Ons moet die openlike en bedekte anti-Semitisme asook die ontkenning sowel as 'n besef van die realiteit van die gebeurtenis van die Joodse volksmoord beslis teenstaan ... ons bring hulde aan die slagoffers van die Joodse volksmoord deur hulle te onthou en uit die treurige lot wat hulle getref het, te leer". So het die Duitse bondskanselier, Angela Merkel, op 'n konferensie van die Verenigde Nasies op 27 Januarie 2021, tydens die Internasionale herdenkingsdag van die Joodse volksmoord, gesê. Merkel het uitdrukking gegee aan wat sy "'n skreiende skande" genoem het met betrekking tot Duitsland se anti-Semitiese verlede en gesê dit is Duitsland se "ewige verantwoordelikheid" om die Joodse volksmoord en die slagoffers daarvan te onthou (*News. UN.org*, 27 Januarie 2021).

Is anti-Semitisme bloot 'n verskriklike oorblyfsel van Europa se verlede? Twee jaar tevore, tydens 'n ander geleentheid op die herdenkingsdag van die Joodse volksmoord, het die president van die Europese Kommissie, Jean-Claude Juncker, 'n skokkende verklaring gemaak: "Op hierdie dag is ek diep bekommerd. Ek sou nooit kon dink dat gedurende my leeftyd, Jode bang sou wees om hulle geloof in Europa te beoefen nie" (*European Commission*, 24 Januarie 2019).

Tot die afgryse van baie mense wat voorheen gedink het dat die Tweede Wêreldoorlog die einde van die Europese anti-Semitisme beteken het, verskyn daar nou 'n hernude vlaag van anti-Semitisme. Nie net herontdek sommige Europese ekstremiste die skandelike Nazi-ideologie nie, maar ook klein, steeds uitgesproke anti-Semitiese elemente het beroeringe veroorsaak onder vlugtelinge wat na Europa toe gevlug het as gevolg van die "Arab *Spring"* [rewolusionêre onluste] en die Siriese burgeroorlog.

Behoort ons verbaas te wees? Miskien nie. Die anti-Semitiese sentiment bestaan al baie lank. Hierdie ou haat het die lewens, optrede en verplasings van mense al vir eeue lank beïnvloed en aanleiding gegee tot periodes van politieke en godsdienstige vervolgings wat nou in oneer voortleef en tog, ontstellend genoeg, blyk dit nie 'n probleem te wees vir 'n toenemende aantal bevooroordeelde mense regoor die wêreld nie.

Baie mense vra waarom sommige mense met haat gevul is teenoor individue wat hulle nog nooit ontmoet het nie. Ongelukkig word dit geïgnoreer deur ander mense wat dink dat aangesien hulle nie persoonlik daarby betrokke is nie, hulle nie bekommerd daaroor hoef te wees nie. Dus, waarom maak anti-Semitisme saak as u nie 'n Jood is nie? Lees verder om te leer wat die antwoord is!

**'n Antieke, middeleeuse geskiedenis en moderne haat**

Die moderne term *anti-Semitisme* is in 1879 deur die Duitse uitgewer en politieke opstoker, Wilhelm Marr, geskep as 'n "gesuiwerde" weergawe van die vroeë term, "Jode-haat". Wêreldwyd maak Jode minder as 'n kwart van een persent van die bevolking uit. Waarom word hierdie mense, wat soveel bygedra het op die gebied van wetenskap, geneeskunde, filosofie, musiek en godsdiens, dan deur soveel mense en vir so lank al met veragting behandel? Hoe kan dieselfde mense daarvan beskuldig word dat hulle vurige kommuniste is en tegelykertyd ook skelm kapitaliste? Hoe kan hulle as te konserwatief *en* te liberaal verag word?

Die verhaal van Jode-haat strek baie eeue terug. In 333 v.C. het die Masedoniese veroweraar, Alexander die Grote, en sy Griekse magte die Persiese Ryk oorweldig en in

die loop van die konflik is Egipte asook die Midde-Ooste in sy ryk opgeneem. Alexander was die Jode baie goedgesind en baie Jode – veral geleerdes en bekwame vakmanne – het verkies om hulle in die nuwe stad, Alexandrië, wat na die keiser vernoem is, te vestig. Hier het hulle jare lank floreer, maar teen die vroeë 200's v.C. het 'n vlaag van anti-Semitisme in Egipte kop uitgesteek.

Die bekende Cambridge-geleerde en skrywer, Michael Grant, het in sy boek, *The History of Ancient Israel,* van 1984, opgemerk dat ene Manetho van Heliopolis, 'n Egiptiese priester en skrywer van die derde eeu v.C. in 'n skrywe 'n venynige aanval teen die Jode geloods het. Hy het hulle onregverdig beskuldig van wreedheid en verspreiding van siektes. Om Egiptiese trots te laat opvlam, het Manetho die lys van Egiptiese Farao's vervals in 'n poging om die geskiedenis van sy volk verder as die van die Grieke terug te dateer en om die Bybelse verslag van die uittog uit Egipte te weerspreek.

Die Joodse gemeenskap het gesien dat dit nodig was om te reageer op hierdie kwaadwillige aanval en dit het die openbare sentiment teen hulle laat draai. Omdat hulle besef het dat die Grieke baie min van die Joodse geskiedenis of godsdienstige leerstellings geweet het, het Alexandrië se Jode 'n baie ambisieuse projek begin – 'n Griekse vertaling van die Hebreeuse Bybel. Hierdie vertaling staan vandag bekend as die *Septuagint*, afgelei van die Latynse *Septuaginta*, wat 70 beteken – die aantal geleerdes wat na bewering aan hierdie grootse poging gewerk het.

Dit was deels 'n hulp vir Hellenistiese [Griekse] Jode wat nie die Bybel in Hebreeus kon lees nie, maar dit was ook 'n poging om onkunde en vervolging te bekamp. Die Jode van Alexandrië het geredeneer dat *indien die Griekse wêreld die Hebreeuse denke en geskiedenis verstaan, dit die effek van die doelbewuste verspreiding van leuens en haat sou stuit*. Helaas, hierdie probleme het van tyd tot tyd weer kop uitgesteek en duur selfs tot vandag toe voort.

Die Engelstalige wêreld was beslis 'n relatiewe toevlug teen hewige anti-Semitisme in vergelyking met wat vandag in sommige wêrelddele voorkom. Dit was egter nie altyd die geval nie. Daar was baie min, indien enige, Jode in Engeland totdat koning William I die Oorwinnaar hulle ná die Normandiese verowering in 1066, genooi het om hulle daar te vestig. Ongelukkig het anti-Joodse geweld 'n eeu later tydens die regering van koning Richard I, uitgebreek. Ten spyte van koninklike pogings om die geweld te onderdruk, het koninklike ondersteuning afgeneem en hewige anti-Joodse vurige ywer het die gepeupel aangehits, wat hele Joodse gemeenskappe uitgemoor het. Destydse geestelikes het die skare in die naam van godsdiens opgesweep en die Jode, "Christusmoordenaars" genoem. Hulle het op een of ander manier Christus se eie gebed op die kruis vergeet: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie" (Lukas 23:34).

In 1290, tydens die regering van Engeland se koning Edward I, is alle Jode wat geweier het om hulle tot "Christendom" te bekeer, op sy bevel uit sy koninkryk verban – 'n patroon wat ander Europese nasies in die jare wat gevolg het, sou herhaal – Hongarye in 1360, Frankryk in 1394, Oostenryk in 1421, Spanje in 1492 en Portugal in 1497.

**Wat onderskei mense van mekaar?**

In die moderne tyd is die oorgrote meerderheid opgeleide mense vertroud met die Joodse volksmoord en die goed-gedokumenteerde, stelselmatige en wrede slagting van miljoene Jode deur Adolf Hitler en die Nazi's in die Tweede Wêreldoorlog. Tog toon peilings deurgaans dat 'n klein maar beduidende persentasie van die bevolking nie weet of nie glo dat miljoene Jode die slagoffers van volksmoord in Hitler se Duitsland was nie. Baie mense besef nie dat anti-Semitisme nie net 'n euwel ís nie, maar deur die geskiedenis heen 'n voortdúrende euwel was.

Ons kan tereg vra: *Waarom?* Waarom is sulke haat gemik teen 'n klein bevolking van hoogs bekwame mense wat eintlik baie belangrike bydraes tot die beskawing gelewer het? Waarlik, soos in elke bevolking, sal sommige mense probleme

veroorsaak – maar die Jode het nie 'n groter aantal andersdenkende mense as enige ander groep nie. Hoekom word hulle so uitgesonder?

Hitler se vertroueling, Hermann Rauschning, skryf hierdie skokkende erkenning aan sy voormalige leier toe: "Gewete is 'n Joodse uitvindsel. Dit is 'n letsel, soos besnydenis ... Ek bevry mense ... van die vuil en vernederende selfkastyding van 'n drogbeeld genaamd gewete en moraliteit" (*Hitler Speaks*, 1939). Geleerdes betwis die egtheid van hierdie aanhaling, maar dit vang die boosaardige gees vas van baie anti-Semitiese denke asook van die begeerte van anti-Semitisme om die Jode in onguns te bring en te verneder met die doel om hulle te onderskei van die res van die samelewing.

Wat was egter die faktore wat daartoe gelei het dat onverdraagsaamheid, die Jode onderskei het van die samelewing rondom hulle? Vier faktore staan veral uit wat die praktiserende Jode van die omliggende bevolking onderskei het.

**Onderwys:** Gedurende die middeleeue en selfs tot en met die Renaissance was die oorgrote meerderheid Europeërs ongeletterd. Daarenteen het Joodse gesinne daaraan gewerk om te verseker dat hulle seuns nie net in 'n ambag opgelei is nie, maar ook in staat was om te lees en te skryf om hulle skrifte te kon verstaan. As gevolg hiervan het die bekwame en geletterde Joodse bevolking besonder welaf geword, wat sommige van hulle in staat gestel het om geldskieters te word. Europese wette gedurende die middeleeue het in die algemeen verhoed dat "Christene" by finansiële transaksies betrokke kon wees. Jode is egter nie verhoed om dit te doen nie en het geleidelik betrokke geraak met die voorsiening van lenings en die vroeë vorms van bankwese – waardeur hulle groot invloed verkry het, maar hulle ook teikens van jaloesie en wrewel gemaak het.

**'n Kultuur van skeiding:** Behalwe vir hulle eerbied vir wat die "Ou-Testamentiese" geskrifte genoem word, is die grootste deel van die Joodse samelewing gevorm deur tradisies wat deur die Talmoed voorgeskryf word – 'n uitgebreide versameling van kommentare en interpretasie van die Joodse wet en praktyk. Die gevolglike sosiale skeiding het die verspreiding van misverstande oor Jode bevorder. Heersers wat sondebokke gesoek het vir sosiale probleme, het dit maklik gevind om wantroue aan te hits wat tot geweld sou lei. Dit is interessant dat die Jode wat die Talmoed verwerp het – soos die Karaïete van Oos-Europa en Rusland – hulle nie van die breër samelewing afgeskei het nie, wat kan verklaar waarom hulle oor die algemeen veel minder gely het onder georganiseerde aanvalle en vervolgings.

**Propaganda:** Wanneer anti-Semitiste nie daarin geslaag het om haat te versprei deur middel van vrees vir werklike verskille nie, het sommige van hulle hulself tot openlike leuens gewend om agterdog en selfs geweld aan te wakker. Die bekendste voorbeeld is dalk 'n dokument wat in 1905 in Rusland gepubliseer is, *The Protocols of the Elders of Zion*. Dit word vandag erken as 'n vervalsing, maar ten tye van die publikasie was dit algemeen aanvaar as 'n geheime verklaring van Joodse leiers se planne om die samelewing te ondermyn en dit onder algehele beheer van Joodse mag en bemiddelaars te bring. Sommige mense glo selfs vandag nog aan die egtheid van die dokument en versprei die valshede daarvan.

**God se Wette:** Bloot deur sommige van God se Wette te gehoorsaam, sou behoudende Jode hulleself noodwendig ietwat afgesonder bevind het van nie-Jode wat nie eers die eenvoudigste Bybelse Wette met betrekking tot gesondheid en reinheid nagekom het nie. Gedurende die middeleeue, toe cholera, tifuskoors en builepes, verwoesting in Europese stede gesaai het, het nie-Jode opgemerk dat die Jode byna, indien nie heeltemal nie, onaangetas was deur hierdie teisterings. Vandag kan ons sien dat dit as gevolg van die Jode se onderhouding van Skriftuurlike Wette oor praktiese aangeleenthede was, soos kwarantyn van siekes, om gereeld te was en om menslike afval te begrawe, wat siektes tot die minimum beperk het. Destyds het die sieklike menigte egter tot die gevolgtrekking gekom dat, aangesien

die Jode skaars deur hierdie siektes geraak was, hulle dit moes *veroorsaak het* – wat verdere anti-Semitiese vervolging meegebring het.

**'n Dieper bron: Verwerping van God**

Al die bogenoemde feite verduidelik egter nie die ware bron van anti-Semitisme nie. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die Bybelse Wette waarna in die laaste punt verwys word, baie meer behels as net kwarantyn. Hierdie Bybelse Wette – anders as die Talmoediese wette wat deur rabbynse Judaïsme ontwikkel is en wat grotendeels gedien het om die behoudende Jode af te sonder van die samelewing, was ook deur die vroeë Kerk van God nagekom soos wat Jesus Christus se Apostels onderrig het – 'n feit wat in die geskiedenis opgeteken is. Tog is hierdie Bybelse Wette vandag heeltemal afwesig in die meeste "Christelike" denominasies. Waarom? Is dit moontlik dat anti-Semitisme 'n krag is wat eeue tevore al in werking was en Christelike geloof verberg het?

Die middeleeuse gepeupel wat verwoed te kere gegaan het teen die Jode, was meestal ongeletterd en het niks van die eerste-eeuse Christelike Kerk geweet nie. Hulle het nie begryp dat Jesus Christus ook baie van dieselfde Wette wat deur die Jode gehoorsaam is, ook gehoorsaam het nie. Daarom het hulle die Jode vervolg. Waarom? Na meer as 'n duisend jaar van verdraaiing deur 'n valse kerk, wat die Naam van Christus gebruik het, was die gemiddelde "Christen" onkundig wat betref die leerstellings en etiese waardes van Jesus Christus self.

Gedurende die eeue na Christus se dood en opstanding, het sekere leiers te voorskyn gekom wat probeer het om Christelikheid te skei van Jesus Christus en die Wette wat Hy – die God van die Ou Testament – gegee en onderhou het. Net soos die oorspronklike Judaïsme verdraaid geraak het deur die Talmoed en sy magtige struktuur van mensgemaakte wette wat God se eie Wette verberg het, so het die hoofstroom-Christendom, Jesus se leerstellings uit die oog verloor onder die invloed van Romeinse kerkleiers soos Jerome, John Chrysostom en Augustinus, wie se idees meer aan Plato en ander heidense filosowe te danke was in plaas van die apostel Paulus.

Hierdie skeiding van Christus van Sy eie onderwysings is ook die kern van moderne anti-Semitisme soos wat Adolf Hitler se haat vir die Jode duidelik getoon het. Professor David Nirenberg, die skrywer van *Anti-Judaism*: *The History of a way of Thinking,* dui daarop dat anti-Semitisme in werklikheid 'n verwerping van Joodse *waardes* is en dat die hoofdoel is om die sedelike beginsels waarop Judaïsme gebou is te verwerp – dieselfde beginsels waarvolgens Jesus Christus geleef het.

Die dieperliggende motivering van anti-Semitisme is dat dit daarna streef om die Godsdiens wat God aan die hele Israel gegee het in onguns te bring. Hierdie was 'n Godsdiens wat gebaseer was op die begrip en Wette wat God aan die Hebreërs bekend gemaak het en wat Hy Sélf – as die vleesgeworde Jesus Christus – presies gehoorsaam en vervul het. Baie belydende Christene maak die fout om te dink dat Jesus Sy eie Wette herroep het nadat Hy dit vervul het. Die waarheid is egter dat om vir ons 'n voorbeeld te stel deur die vervulling van die Wet, Jesus dit *meer* bindend gemaak het in die Nuwe Testamentiese toepassing daarvan. Daar is nie meer 'n tempel vir offerandes nie omdat Christus nou *ons* Offer is en Christene nou sélf die tempel van God is.

Die Wette waarvolgens Christus geleef het, is die Wette waarvolgens ware Christene vandag behoort te leef. Dit is beginsels wat absoluut en onveranderlik is. Dit kan nie verander word om aan te pas by die voortdurend veranderende nukke van die samelewing nie. Die God van die Bybel deur wie hierdie instruksies gegee is, maak dit duidelik dat Sy heilige Wette en standaarde nié verander kan word om aan die samelewing se standaarde te voldoen nie. "Want Ek, die HERE, het nie verander nie" (Maleági 3:6).

God het die Israeliete beveel om getrou te wees aan Sy Wette

***Vervolg op bladsy 26***

# Gee leiding ... deur voorbeeld?

## Deur Michael Heykoop

**'n Jaar is verby sedert die Wêreldgesondheid-organisasie die uitbreek van Covid-19** tot 'n pandemie verklaar het. Dit was 'n jaar van ekonomiese probleme, angs, skeiding van familie en vriende, verliese en vir sommige mense, spanningsvolle aanlyn-onderrig. Die mees-te mense sou saamstem dat ons almal 'n vakansie nodig het, ná 2020!

Die Karibiese eiland St. Barthélemy, met sy pragtige wit sand strande, tropiese weer en verskeie gewilde oorde klink ideaal. Wie wil nie graag die hele familie bymekaar kry vir 'n va-kansie in Hawaii nie? Kalifornië, Mexiko, Griekeland – klink enige van hierdie plekke nie aanloklik nie? Alhoewel hierdie bestemmings inderdaad skilderagtig is, hoeveel mense wil doodeenvoudig net familielede besoek wat hulle al vir langer as 'n jaar nie kon sien nie? Hoeveel mense wil só graag net 'n siek ouer of grootouer besoek, maar kán nie as gevolg van 'n huidige regeringsmandaat om "tuis te bly"?

Terwyl die meeste mense daarna streef om die voortdurend veranderende regulasies en reisbeperkings na te kom, het verskeie regeringsamptenare wat die beperkings uitgereik het, ál hierdie plekke besoek. Sommige reise het veroorsaak dat amptenare gedwing was om te bedank terwyl ander met Facebook-verskonings "reggestel" is. Hierdie skynheiligheid is nie net tot 'n enkele politieke party beperk nie en is ook nie tot Kanadese amptenare beperk nie. Dit is 'n krisis in leierskap op alle vlakke en skynbaar oraloor.

### Die tekort aan vertroue

Ongelukkig het baie politici en administrateurs regoor die wêreld 'n gesindheid van "doen wat ek sê, nie wat ek doen nie", aangeneem – verseker nie almal nie, maar genoeg om die brose vertroue tussen regerings en die mense wat veronderstel is om deur hulle gedien te word, te verswak.

Ons leef in 'n tyd waarin verkeerde inligting hoogty vier. Een van die grootste uitdagings om hierdie pandemie te bestry, is om sommige van die bevolking te oortuig dat daar hoegenaamd 'n werklike pandemie is en ook om die grootste deel van die bevolking te oortuig dat hulle individuele optrede die krisis kan verleng of verkort. In 2012 het die voormalige goewerneur, John Huntsman, tydens sy party se nominasieveldtog vir die Verenigde State se presidensiële verkiesing, dikwels gepraat van die "tekort aan vertroue" wat tussen die Amerikaanse volk en hulle regering ontwikkel. Die tekort aan vertroue is egter nie net 'n *Amerikaanse* probleem nie. Dit is 'n *menslike* probleem – teenwoordig in lande regoor die wêreld.

Diegene in posisies van leierskap moet nooit vergeet dat hulle optrede – *hulle voorbeelde* – die potensiaal het om diegene in wie se diens hulle staan, te inspireer of te ontnugter nie. In 'n artikel wat deur *Global News* gepubliseer is, word die effek van vandag se skynheiligheid aangetoon: "Natuurlik word politici lankal beskuldig van skynheiligheid. Te midde van 'n pandemie waartydens miljoene mense egter gedwing word om in afsondering te leef en dit baie mense sonder salarisse gelaat het, kan [skynheilige] optrede soos 'n persoonlike belediging voel, wat die idee versterk 'dat sommige mense net eenvoudig nie die reëls hoef te volg nie, terwyl die res van ons dit doen'" ("*'People hate hypocrisy'. Anger high when politicians break coronavirus rules*," 19 Desember 2020).

### Die resultaat van gebroke vertroue

Behoort ons verbaas te wees dat al hoe minder burgers die riglyne volg? *The Globe and Mail* het data gepubliseer wat aantoon hoeveel Kanadese gedurende die wintervakansie

in 2020 gereis het. Hoewel die getalle aansienlik laer was as dié van 'n tipiese wintervakansie, "het ongeveer 1,2 miljoen mense in Kanada, van wie baie uit gegoede buurte kom, minstens een nag weg van die huis af spandeer gedurende die vakansie, selfs al het regerings – volgens 'n ontleding van liggingsdata – mense aangemoedig om nie byeen te kom nie" ("*More Than a Million Canadians Engaged in Overnight Holiday-Season Travel, Data Show*," 21 Januarie 2021).

Die verslag het genoeg van 'n beroering veroorsaak en die getalle het genoeg opskudding veroorsaak om 'n reaksie van die hoogste verkose amp in die land uit te lok: "Eerste minister Justin Trudeau het Vrydag op die verslag gereageer deur enigiemand wat 'n reis na die buiteland beplan het aan te moedig om dit te kanselleer. 'My boodskap aan Kanadese bly duidelik, niemand behoort op die oomblik in die buiteland vakansie te hou nie,' het Trudeau gesê ... Met die Maart-skoolvakansie om die draai, het die premier beklemtoon: 'Moenie 'n reis bespreek vir die lente vakansie nie'" ("*PM urges Canadians to cancel plans after data reveals 1M travelled over holidays*," *CTVNews.ca*, 22 Januarie 2021).

Baie mense sal gehoor gee aan die pleidooi van die premier. Hoeveel van hulle sal egter in plaas daarvan die voorbeelde van sekere leiers volg en tog reis? Wanneer minder individue die riglyne volg, neem infeksiesyfers toe. Dit lei weer tot strenger inperkings. Hoe strenger die inperkings is, hoe meer mense beskou dit as voorbeelde van magsmisbruik deur regerings en sal dit ignoreer en die swak voorbeelde van hulle leiers as genoegsame rede daarvoor aanvoer. Die resultaat van skynheilige leierskap is 'n bose kringloop wat vertroue en optimisme vernietig en slegs die verdeeldheid wat tans die samelewing verwoes, laat toeneem.

**'n Beter voorbeeld**

"Doen wat ek sê, nie wat ek doen nie", is gewoonlik 'n simptoom van 'n heersersklas wat glo dat reëls nie op hulle van toepassing is nie. Leiers regverdig dikwels hulle onbesonnenhede deur te verduidelik dat hulle situasie verskil van die van die gewone burger. Indien daar 'n Wese is wat kan wegkom met hierdie woorde: "Doen wat ek sê, nie wat ek doen nie", is dit die Skepper van die Heelal. Hy lééf egter nie slegs volgens die reëls wat Hy gegee het nie, maar hierdie Wette wat Hy aan die mensdom gegee het, beskryf Sy hart en denke. Gereelde lesers van die *Wêreld van Môre* verstaan dat die doel van die Wette wat in die Skrif uiteengesit word, is om dieselfde karakter in ons te bou as wat ons Skepper besit. Hy wil hê dat ons soos Hy sal wees en daarom lei Hy ons deur Sy voorbeeld!

Die Allerhoogste Wese, kragtig en wys genoeg om die hele heelal te ontwerp en in werking te stel, kan verstaan word deur wat Hy nie kan – of *nie sal* – doen nie, asook deur wat Hy doen. Laat ons kyk na twee voorbeelde van God wie dieselfde Wette volg wat Hy vir die mens geskep het.

Die apostel Paulus was geïnspireer om te sê dat God nie leuens kan vertel nie (Titus 1:1-2). Dit beteken nie dat God nie slim genoeg is om oortuigend te kan jok nie. Sy Wet is eerder absoluut: Verkeerd is áltyd verkeerd. *Die karakter wat Hy in elkeen van ons wil hê, is 'n weerspieëling van Sy eie karakter*. Hy verwag nie van ons om 'n standaard te handhaaf wat Hy Sélf ignoreer nie. God het hierdie gedeelte geïnspireer om vir ons te wys dat Hy nie skynheilig is nie. Hoeveel ouers leer hulle kinders dat leuens verkeerd is, maar sê ook vir hulle dat indien hulle hul sleg gedra, hulle "in Kersvader se slegte boekie sal opeindig"?

'n Ander voorbeeld kan in die boek Génesis gevind word. Die eerste verse van Génesis 2 toon aan dat God na ses skeppingsdae, op die sewende dag gerus het. Sou enigiemand redeneer dat God net te moeg was om aan te gaan – dat Hy Homself ooreis het sodat Hy 'n middagslapie nodig gehad het? Natuurlik nie! Hy het 'n voorbeeld gestel en bewaar wat later as die Vierde Gebod opgeneem sou word – dat ons op die sewende dag behoort te rus – alhoewel Hý nie die rus nodig

***Vervolg op bladsy 7***

# Die subtiele kuns om die Bybel te kanselleer

## Deur Wallace G. Smith

***Waarom die Boek verban wanneer dit net nodig is om die idees daarin te verban? Kanselleer-kultuur is aan die kom vir die Bybel, net een idee op 'n slag.***

*In ons moderne samelewing van godsdiensvryheid sal niemand dit sekerlik waag om die Skrif te verban nie – of sal hulle?*

Die Bybel het 'n kragtige rol gespeel in die vorming van die moderne beskawing. Ongetwyfeld word dit al hoe meer geïgnoreer en baie min mense probéér selfs om die beginsels daarvan volledig en werklik in praktyk toe te pas. Die ware betekenis van die Skrif word deur soveel mense vermy, verwerp en gerasionaliseer. Alhoewel dit onvolmaak nagevolg is, het geen ander boek meer invloed uitgeoefen wat betref die opbou van die moderne beskawing nie. Baie kulture wat die Bybel nog nooit aanvaar het nie, het sommige van die beginsels daarvan indirek aanvaar omdat hulle die idees vanuit die Weste ingevoer het. Die Bybel het ons denkwyses oor ekonomie en finansies, regering, rasseverhoudings, seksuele etiek, gesinstruktuur, individuele verantwoordelikheid, maatskaplike verpligtings en 'n aantal ekstra fasette van ons beskawing, gevorm. Selfs in ons toenemend wêreldlike same-lewing, *gaan dit voort* om ons denkwyses te beïnvloed.

Indien enigiemand dus die beskawing sou wou herstruktureer met die doel om die norms van menslike interaksie en selfbegrip te herskryf, sal hulle die Bybel uit sy posisie van openbare invloed moet verwyder. Selfs al raak ons samelewing egter toenemend onkundig oor die Bybel se woorde, is so 'n taak makliker gesê as gedaan. Met idees wat verweef is in die struktuur van die Westerse kultuur, het tyd getoon dat die Bybel 'n boek is wat moeilik onderdruk kan word.

Daar was natuurlik direkte aanslae. In 1963 het die Hooggeregshof van die V.S. beslis dat die lees van die Bybel in skole, binne godsdienstige verband, ongrondwetlik is. Baie vroeër – gedurende die Middeleeue – het Rooms-Katolieke leiers met die vervolging van mense begin in 'n poging om die vertaling van die Bybel in die algemene tale van die volk te voorkom en het Latyn verkies met die doel om te waak teen diegene wat die skrille kontraste tussen die leer van daardie kerk en die duidelike woorde van die Skrif, sou opmerk.

Ondanks verbodsverklarings en vervolging, bly die Bybel tot vandag toe die mees gedrukte boek ter wêreld. Volgens Wycliffe Bybelvertalers is die hele Bybel sedert Oktober 2020, in 704 tale vertaal.

### Hoe om 'n Boek wat nie "kanselleerbaar" is nie, te kanselleer

In die grootste deel van die ontwikkelde wêreld is 'n verbod op die wêreld se gewildste Boek ondenkbaar – vir nou, in elk geval. Die skyn van godsdiensvryheid verseker tans dat 'n verbod op die Skrif, die hoogtepunt van godsdienstige onverdraagsaamheid sal wees, selfs in wêreldgesinde kulture waar die Bybel selde gelees word en die waardes daarvan belaglik gemaak word. Op die oomblik sal sensuur van die Skrif vir die meeste beskaafde mense onaanvaarbaar wees.

Nogtans wil selfaangestelde voorstanders van verandering hê dat niks in die pad staan van die veranderings wat hulle in ons wêreld wil aanbring nie. Nie gewilde sentimént nie. Nie lógika nie. Nie Gód nie. Beslís ook nié 'n Boek nie.

"So tree die kanselleer-kultuur" na vore – die populêre term vir die toenemende neiging van die moderne samelewing om self-sensuur toe te pas op individue wat ongewilde of maatskaplik ongunstige stand-

punte voorstaan. Die kanselleer-kultuur het baie universiteits-kampusse vol gif gepomp – plekke wat veronderstel is om rasionele en onpartydige gesprekke aan te moedig waar sprekers toenemend doodgeskreeu word of nie meer uitgenooi word nie op grond van die studente se reaksies. Professore het ook al verlaging in hulle ampte of direkte ontslag in die gesig gestaar omdat hulle standpunte as aanstootlik beskou is. Trouens die kanselleer-kultuur het akteurs, joernaliste, politici, wetenskaplikes, onderwysers en baie ander mense al hulle werk gekos.

Ongetwyfeld betree ons 'n tyd van verbasende gretigheid om inhoud te sensor en te verbied in lande wat tot onlangs toe beskou was as voorbeelde van die waarde van vrye en ongehinderde inligting.

In hierdie onderdrukkende omgewing sien baie mense 'n geleentheid: 'n Mens hoef nie die Bybel self te verban nie – 'n mens hoef slegs die individuele elemente van 'n Bybelse wêreldbeeld uit aanvaarbare openbare gesprekvoering te verwyder. Dit is nie nodig om die Boek te verban, indien die idees wat *in* die Boek vervat is, net verban kan word nie.

Diegene wat die samelewing na hulle eie beeld wou herstruktureer, het nou aangepas. Kanselleer-kultuur is aan die kom vir die Bybel – stadig maar seker.

## Kansellering van Bybelse idees oor aborsie

Een Bybelse beginsel wat toenemend aangeval word, is die lewe in die baarmoeder. Die Skrif is duidelik dat menslike lewe nie dierelewe is nie, maar dit is geskep na die Beeld van God (Génesis 1:26). Die bekende Bybelse stelling met betrekking tot afgemete en billike straf vir misdade – "lewe vir lewe, oog vir oog, tand vir tand" – word deur God verklaar in die konteks van 'n man wat 'n swanger vrou beseer en haar ongebore kind, skade berokken of lewensverlies veroorsaak het (Exodus 21:22-25). God praat by verskeie geleenthede van hoe Hy die lewe in die baarmoeder as 'n lewende mens beskou en eïen Homself die persoonlike eer toe vir die skepping van daardie individu (byvoorbeeld Job 31:15; Psalm 139:13-14; Jeremia 1:5).

Diegene wat hou by hierdie Bybelse siening van die lewe in die baarmoeder, vind dit al hoe moeiliker om hierdie siening in die openbaar uit te spreek.

In 2018 het die V.S.-senaatskandidaat, Marsha Blackburn probeer om veldtog-advertensies op Facebook te publiseer wat haar standpunt téén aborsie beklemtoon het. Aanvanklik het Facebook geweier om daardie advertensies te plaas, wat beskuldigings van politieke sensuur tot gevolg gehad het. Facebook het later verskoning gevra en deur amptelike kanale verklaar dat die verwydering van hierdie advertensies 'n fout was. Ander mense het soortgelyke ervarings gehad, maar daar is egter geen verskoning gemaak nie.

Die gewilde "*Women's March*" in Washington, DC lok duisende feministe van regoor die Verenigde State om te probeer druk uitoefen vir wat hulle beskou as regte en wetgewing wat tot voordeel van vroue sal wees. Hulle laat egter nie toe dat sómmige feministe ingesluit word nie, naamlik "*pro-life*" feministe wat glo in 'n Bybelse konsep van kinders in die baarmoeder. Soos die situasie in Januarie 2019 in die *Atlantic* beskryf is:

> "Ondersteuners van *Pro-life* is ook uitgesluit uit die nasionale optog. 'n Aantal self-erkende feministiese groepe wat aangebied het om as borge op te tree en saam met die oorspronklike *Women's March* te marsjeer, is wel vanweë hulle standpunte teen aborsie van die amptelike lys van die optog verwyder".

Soos die artikel in die *Atlantic* verder beklemtoon, is die uitsluiting ironies, aangesien dit vroue is wat baie van die polities kragtigste *Pro-life*-organisasies lei. In die oë van die organiseerders van *Women's March*, is die noodsaaklikheid om enigiemand te verwerp wat Bybelse beginsels aanhang, sover dit die lewe in die baarmoeder betref, belangriker as alle ander oorwegings – ongeag alle ander *"pro-women"*-idees waarmee hulle mag

saamstem. Vir hierdie mense is die oortuiging van iemand dat die ongebore kind gerespekteer moet word as 'n mens wat na die beeld van God geskape is, rede genoég om iemand as borg van die optog te verwerp.

**Die kansellering van die Bybel wat betref die skepping**

In Maart 2021 het dr. Joshua Swamidass ['n wetenskaplike], 'n kommentaar vir die *Wall Street Journal* geskryf: "'n Kompromie oor die Skepping *A Compromise on Creationism*". Op die oog af het dit gelyk asof 'n 'n hand van vriendskap uitgesteek word na onderwys-instellings wat onderrig dat God lewe geskep het op die planeet Aarde. Van naderby beskou, is dit duidelik die teenoorgestelde. Swamidass beveel aan dat skole wat enige vorm van skeppingsleer onderrig en wat "afwyk van nasionale norme", die aanwesigheid van sulke instruksies op transkripsie-dokumente en materiaal "baie duidelik" behoort te openbaar om te verseker dat daardie klasse nie toegelaat word om te tel vir erkende grade in die wetenskap nie.

Daar is weliswaar foutiewe teorieë oor die "skeppingsleer" wat Bybelse en wetenskaplike feite ignoreer. Vir meer inligting hieroor, beveel ons ons gratis boekie, *EVOLUTION AND CREATION: What Both Sides Miss,* aan wat beskikbaar is by enige van die streekkantore wat op bladsy 2 in hierdie tydskrif verskyn. Die uitdrukking "afwyk van nasionale norme" beteken egter dikwels "aanvaar nie evolusie as die oorsprong van lewe nie".

Baie mense het inderdaad ondervind dat hulle loopbane skade berokken is omdat hulle erken dat daar belangrike wetenskaplike bewyse is vir intelligente ontwerp wat betref die oorsprong en verskeidenheid van lewe – 'n standpunt wat té na aan die Bybel se beskrywing van God is om toegelaat te word om "nie gekanselleer te word nie en te bly voortbestaan".

Toe dit byvoorbeeld aan die lig gekom het dat die mikrobioloog, Scott Minnich – wat eksperimente gedoen het wat geloofwaardigheid verleen het aan die teorie van intelligente ontwerp – in die hof gaan getuig, het sy kanselier van die universiteit 'n brief opgestel en aan alle fakulteite, personeel en studente gestuur, waarin verklaar word dat *slegs evolusie* "geskik is om in ons bio-fisiese wetenskappe onderrig te word". Die brief impliseer dat om van evolusie te verskil slegs moontlik is op grond van filosofiese en godsdienstige oorwegings, wat teenstrydig is met dr. Minnich se eie navorsing en het in effek enige opmerkings wat strydig is met die universiteit se wetenskapklasse, verbied.

Dr Minnich is nouliks alleen. Die bioloog, Richard Sternberg met 2 Ph.D-grade, het professionele vervolging in die gesig gestaar omdat hy die publikasie van 'n portuur-beoordeelde referaat toegelaat het wat ten gunste is van die idee van intelligente ontwerp. Daar is druk uitgeoefen op die vooraanstaande paleontoloog, dr. Günter Bechly, om uit sy museum-amp te bedank – na 'n loopbaan van 17 jaar en 'n groot aantal publikasies – toe hy openbare steun uitgespreek het vir die idee dat wetenskaplike bewyse dui op 'n intelligente oorsprong van lewe. Hierdie en meer verhale is op die webwerf *FreeScience.today* gedokumenteer. Die tema van al hulle boodskappe is dieselfde: Selfs 'n sweempie van Bybelse idees oor die oorsprong en verskeidenheid van lewe en enige meningsverskil met die evolusieleer is genoeg om gekanselleer te word.

**Die kansellering van die Bybel op Amazon**

Vir 'n geruime tyd kon 'n mens Ryan T. Anderson se 2018-boek *When Harry Became Sally: Responding to the Transgender Moment* op die webwerf van die wêreldwye magtige handelaar, Amazon, koop. Tog is die boek nou op die webwerf verban. Wanneer 'n mens in ag neem dat Amazon se aandeel in die kleinhandelmark vir e-handel in die Verenigde State met byna 50 persent gestyg het, het so 'n verbod 'n groot invloed op verkope!

In antwoord op navrae deur vier senatore van die V.S. het Amazon verduidelik dat hulle die verkoop van alle boeke wat "LGBTQ+-identiteit as 'n geestesongesteldheid" beskou, verbied. Wanneer 'n mens die boek egter lees, sal dit moeilik wees om so 'n stelling van die

skrywer daarin te vind. Anderson fokus *wel* baie direk op die vraag oor hoe diegene wat verward is oor hulle geslag, die beste gehelp kan word en sy argument is dat studies toon dat liggaamsveranderende operasies en 'n lewe van hormoonbehandelings, negatiewe resultate tot gevolg het. In die besonder word daar in die boek betoog teen die "verandering" van kinders op hierdie manier, veral omdat geslagsverwarring dikwels vanself opgelos word namate kinders ouer word – trouens, skattings van die aantal kinders wat "geslagsdisforie" ervaar en dit uiteindelik bloot ontgroei sonder ingryping van enige aard, kan wissel van 80 tot 95 persent.

Die Bybelse leerstelling van Jesus Christus dat God hulle van die begin van die skepping af "man en vrou gemaak het" (Markus 10:6; vergelyk Génesis 1:27) is egter 'n gesogte teiken op die lys van diegene wat die samelewing wil herskep. Voorstelle dat, in plaas daarvan om 'n aspek van die skepping te wees wat aktief deur God beplan is as 'n inherente en binêre deel van ons ontwerp, bestaan "seks" en "geslag" op 'n "spektrum" as vloeibare eienskappe. Volgens hulle staan dit die mensdom vry om die heersende leerstellings te herdefinieer soos wat dit hulle pas en die Bybelse leerstellings verhoed dit. Dus, of dit gesteun word deur wetenskaplike studies of nie, word daardie leerstellings toenemend uit die mark van idees verwyder en in Amazon se geval, letterlik uit ons markte.

**Die kansellering van die Bybel in die Amerikaanse Kongres**

Buiten die private en korporatiewe sfeer, het die strewe om die Bybel te kanselleer ons regeringstelsels binnegedring. Deur die jare heen het die stryd om selfs die geringste beduidenis van die Bybel binne regeringsverband te kanselleer, in intensiteit toegeneem, uitgebrei en het dit baie duideliker geword.

In Januarie 2021 het die V.S. se Huis van Verteenwoordigers sy grondwet verander om "alle geslagsidentiteite te respekteer deur voornaamwoorde en familie-verhoudings in die Huis van Verteenwoordigers se reëls te verander om geslagsneutraal te wees" met die doel om te verseker dat hierdie *Huisreëls en Handleiding* nie meer terme soos *vader, moeder, seun* of *dogter*, gebruik nie. Terwyl die Huis op 25 Februarie die uitbreiding van die Wet op Burgerregte van 1964 bespreek het sodat dit "seksuele oriëntasie" en "geslagsidentiteit" insluit, het Verteenwoordiger, Greg Steube van Florida, Deuteronómium 22:5 voorgelees wat handel oor God se begeerte om onderskeid tussen mans en vrouens te handhaaf. Verteenwoordiger Jerry Nadler het geantwoord, "Meneer Steube, enigiets wat godsdienstige tradisie beskryf as die wil van God, het niks met hierdie Kongres te doen nie".

Die Eerste Wysiging van die V.S. se Grondwet betoog natuurlik lank reeds dat die Amerikaanse regering geen reg het om 'n nasionale godsdiens te vestig nie. Om die waarheid te sê, sal jarelange lesers van hierdie tydskrif ons skeptisisme begryp wat betref die vermoë van enige wêreldse regering om die Skrif behoorlik te verstaan. Die verklaring van Verteenwoordiger Nadler is nogtans 'n vermetele verklaring dat die Bybel en die wil van God *geen plek* in die regeringsale het nie.

Dalk het 'n meer dramatiese illustrasie van die toenemende begeerte om Bybelse begrippe uit die regering uit te sluit in 2018 na vore gekom met die V.S.-senaatsbevestiging van die destydse genomineerde minister van buitelandse sake, Mike Pompeo. Aangespoor deur opmerkings wat mnr. Pompeo in 2015 gelewer het toe die Amerikaanse hooggeregshof "huwelike" van dieselfde geslag gewettig het, het senator Cory Booker die genomineerde gepeper met vrae oor sy siening van homoseksualiteit en gevra: "Is *homoseksualiteit* 'n perversiteit?" en "Glo u dat *homoseksuele* seks onnatuurlik is, ja of nee?" In 2019 het senator Booker vir 'n genomineerde kandidaat vir die *D.C. Circuit Court*, gevra: "Is *homoseksuele*-verhoudings na u mening immoreel?" en "glo u dat dit 'n sonde is?" In 'n nasie wie se Grondwet, godsdienstige toetsing verbied vir diegene wat in 'n openbare amp wil dien,

was hierdie ondervraging vir sommige mense kommerwekkend – maar was tog deur ander beskou as die "regte besluit".

Dit lyk asof baie mense hulle daarvoor beywer om 'n wêreld te skep waarin die leerstellings van die Bybel nie net buite die regeringsale gehou word nie, maar selfs ook uit die persoonlike geloof van diegene wat daar dien.

**Die gevolge van die kansellasie van die Bybel**

Die meeste mense wat probeer om die leerstellings van die Bybel uit openbare gesprekke te verban, probeer nie werklik om die wêreld te verwoes of om die beskawing te vernietig nie. Baie van hulle het hulle eie siening van 'n billike, regverdige en "goeie" samelewing en hulle beskou die Skrif bloot as 'n struikelblok vir hulle strewe.

Sulke drome is in werklikheid misleidings. Alhoewel die Bybel se leerstellings selde volledig deur enige volk aangeneem is, bly dit 'n feit dat baie van die burgerlike samelewing se fondamente inderdaad gebou is op beginsels wat in die Skrif gevind word. Hoe onvolmaak dit ook al toegepas word, is hierdie beginsels die kern van wat ons moderne wêreld beskaafd, veilig en verstandig maak.

Ons draai ons rug op die Bybel tot ons eie nadeel en op ons eie risiko.

Die filosoof, Friedrich Nietzsche, word dalk veral onthou vir sy welbekende verklaring: "God is dood!" Hierdie drie woorde het Nietzsche dikwels 'n gewilde man in ateïstiese kringe gemaak en die filosoof het beslis sélf nie in God geglo nie. Die konteks van sy beroemde verklaring word egter dikwels misgekyk en sy waarnemings van wat dit beteken om in 'n wêreld sonder God te leef, is noemenswaardig. Nietzsche het erken dat die beskawing sonder God objektiewe mo-raliteit en sin van die lewe verloor. Die vele waardes en sedes wat die beskaafde lewe moontlik maak, soos eerlikheid, barmhartigheid, medelye en onselfsugtigheid het glad nie meer enige basis om as "waar-des" of "sedes" beskou te word nie. Die resultaat is nihilisme – die idee dat die hele bestaan sinneloos, betekenisloos en nutteloos is.

Nietzsche het die koms van nihilisme verwelkom omdat hy net soos die selfaangestelde maatskaplike manipuleerders van ons tyd, gevoel het dat dit oorkom kan word en die mensdom sonder God op die een of ander manier sou ontdek hoe om hulle waardes so te herdefinieer dat hulle hul uiteindelike potensiaal sal bereik.

Natuurlik het Nietzsche nooit sy projek om alle waardes te herdefinieer, afgehandel nie, want dit is 'n tevergeefse poging. Die oomblik wat ons besluit dat ons beter weet as God – dat ons Hom nie nodig het om die "ware" waardes van die wêreld te bepaal nie, bevind ons onsself ankerloos in chaos gedompel. Daar bestaan geen fantasie-utopie aan die ander-kant van nihilisme wanneer die God van die Bybel verwerp word nie. Daar is slegs 'n wrede wêreld van sinnelose, wed-ywerende diere wat elkeen net wil oorleef.

Die apostel Paulus het profeties oor sulke tye gepraat in een van sy briewe aan die jong evangelis, Timótheüs:

> "MAAR weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal lief-hebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af" (2 Timótheüs 3:1-5).

Kan ons aan onsself erken hoe hierdie wêreld rondom ons besig is om te ontwikkel? Brutaal. Godslasterlik. Onvergewensgesind. Sonder selfbeheersing. Gefokus op die self en op plesier. *Met 'n vorm van werklike godsaligheid – godsdiensagtige passie en ywer*

– *maar wat die krag van ware Godsaligheid ontken*.

Paulus se profesie is 'n weerspieëling van ons toenemend Bybellose wêreld. 'n Hele aantal nuwe ideologieë, soos identiteitspolitiek, klimaatsverandering, maatskaplike en ekonomiese herontwerp, seksuele en geslags-anargie en kritiese rasseteorie, is gereed om te dien as nuwe godsdienste en gretig om die yweriges aan te gryp. Intussen breek chaos toenemend in ons stedelike gebiede uit en dit lyk asof ons medeburgers bereid is om hulle bure as weinig meer as diere te beskou – bloot weens verskillende menings oor 'n bepaalde politikus of die doeltreffendheid van entstowwe.

Ons word stamgebonde en wreed. Net soos Alfred Tennyson die natuur beskryf het, so word die wêreld van die mens ook "barbaars en genadeloos" – omdat mens nie die Woord van God uit die beskawing kan verban sonder enige gevolge nie.

**Die kansellering wat gaan kom en daarna 'n periode van herstel!**

Gelukkig sal al sulke pogings op die ou einde nie die oorhand kry nie. Die Bybel *sal nie* permanent verban word nie omdat God die Almagtige se stem nie stilgemaak sal word nie. Jesus Christus het voorspel dat, namate Sy Wederkoms naderkom, Sy boodskap oor die toekomstige Koninkryk van God, deur die hele wêreld verkondig sal word (Matthéüs 24:14). Hierdie boodskap behels nie net die goeie nuus van Sy Wederkoms nie, maar ook die waarskuwing dat die weë en wêreldbeskouings van hierdie "verkeerde geslag" (Handelinge 2:40) by Sy aankoms oorwin sal word deur objektiewe waarhede, Bybelse moraliteit en 'n hernude eerbied vir die dinge van God.

Dit beteken nie dat die prediking van daardie boodskap aan die wêreld altyd vlot sal verloop nie. Nét die teenoorgestelde! Terwyl ons tans verset sien teen die boodskap van die Bybel vanuit baie wêreldse oorde, sal die tyd aanbreek wanneer die sterkste weerstand, *godsdienstig* van aard sal wees – dit sal voortspruit uit 'n staatsgoedgekeurde weergawe van "Christelikheid" wat die hele wêreld onder sy heerskappy sal hê.

Die apostel Johannes skryf oor hierdie wêreldwye godsdienstige mag en sy onheilige vereniging met politieke, ekonomiese en militêre magte. In 'n droombeeld van daardie toekoms – *ons* toekoms – het Johannes gesien hoe hierdie wêreldwye – godsdienstige en politieke entiteite "groot woorde en godslasteringe" sal spreek teen die ware God en "oorlog te voer" teen diegene wat die waarhede van die Bybel leef en leer (Openbaring 13:5-7).

Namate daardie tyd nader kom, kan diegene wat die Waarheid van die Bybel wil verkondig, toenemend beskou word as misdadigers en sal dan begryp wat die apostel Petrus verkondig het met betrekking tot wanneer verpligtings teenoor God en die wette van die mens in konflik met mekaar kom: "Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense" (Handelinge 5:29).

Nee, Jesus Christus sal nie onder sensuur geplaas word nie – nie deur wêreldse dwepers wat enige bespreking wil stopsit wat in stryd is met hulle misleidende wêreldbeskouings nie en nie deur godsdienstige invloedrykes wat almal wil verpletter wat dit sou waag om hulle korrupsie van die ware Christelike geloof bloot te lê nie. Soos in die eerste eeu toe Christus se toenemende aantal volgelinge te staan gekom het voor toenemende verset van regerings en heersers, wat ongemaklik geraak het toe gepraat is van "geregtigheid en selfbeheersing en die toekomstige oordeel" (Handelinge 24:25) – kan struikelblokke oor regulasies, wette en beperkings op die pad van die Evangelie van die Koninkryk van God voorkom. Die Boodskap *sal* egter uitgaan.

Die kansellasie van die Bybel is werklik 'n subtiele kuns, waarin baie magte in hierdie wêreld uitblink as onbewuste pionne van die duiwel. Uiteindelik sal die Woord van God egter nie gekanselleer word nie en sal die stem van God nie stilgemaak word nie. Al wat ons vir u kan sê, geagte lesers, is om voort te gaan om hierdie tydskrif dop te hou vir die bewys daarvan. WvM

# Vrae & Antwoorde

## Hoe behoort ons God se Sabbat te onderhou?

**Vraag:** Ek het pas ontdek dat die weeklikse Sabbat, volgens die Bybel, op Vrydag teen sononder begin en Saterdag teen sononder eindig. Wat behoort ek te doen om "dit heilig te hou" soos ons in Exodus 20:8 beveel word?

**Antwoord:** Sommige mense beskou verkeerdelik die Sabbat as 'n dag waarop God ons belas deur ons te verbied om te doen wat ons wil. Dit is eintlik 'n tyd wat Hy vir ons beswil geskep het, om te kan ontlaai van die week se spanning en ons die geleentheid te bied om ons aandag te vestig op die Een wat daardie dag gemaak het en dit vir Sy heilige doel afgesonder het. "Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat" (Markus 2:27-28).

Waarom onderhou ons die Sabbat? Ons doen dit om een van die Tien Gebooie wat God gegee het, te gehoorsaam. Jesus Christus het dit ook Sélf onderhou en Sy volgelinge geleer om dit te onderhou (Matthéüs 19:17). Die vierde Gebod lui:

> "Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; *dan* mag jy géén werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, *of* jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig" (Exodus 20:8-11).

Deur elke Sabbat heilig te hou, staak ons ons gewone werk en aktiwiteite wat ons aandag aflei van God en Sy plan vir ons. Dit gee vir ons genoeg tyd om die Bybel te lees, te bid en te mediteer oor die dinge van God. Op die Sabbat behoort ons daarop te fokus om God te aanbid en van Hom te leer. Diegene wat binne 'n redelik bereikbare afstand van 'n groep ware Christen-gelowiges woon, behoort in aanbidding en gemeenskap saam te kom, tensy dit vanweë hulle gesondheid, onverstandig of onmoontlik is. "[E]n laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor; en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag [van Christus se Wederkoms] sien nader kom" (Hebreërs 10:24-25).

Jesus verduidelik: "So is dit dan geoorloof om op die sabbat goed te doen" (Matthéüs 12:12). Om op die Sabbat iemand wat in lewensgevaar is te red, is nie 'n oortreding van God se Wet nie; Jesus het siekes op die Sabbat genees en as gevolg daarvan het die Fariseërs saamgesweer om Hom dood te maak (verse 13-14). Christene moet hulleself egter ondersoek om seker te wees dat hulle nie die opdrag van Jesus Christus misbruik nie. Dit is gepas vir 'n Christen om op die Sabbat 'n lewe te red maar dit is nie gepas om op die Sabbat geld te verdien deur gewone sake te doen met die verskoning om mense "te help" nie.

Wanneer ons God se ware sewendedag Sabbat behoorlik onderhou, seën Hy ons ryklik.

"As jy jou voet terughou van die sabbat – om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat 'n verlustiging noem *en* die heilige *dag* van die HERE hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die HERE, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die HERE het dit gespreek" (Jesaja 58:13-14).

God se Sabbatte is 'n tyd van vreugde en van fisiese en geestelike verkwikking. "Hieraan wil ek dink en my siel uitstort in my: hoe ek gewoond was om voort te trek met die skare, hulle gelei het na die huis van God, met die stem van jubel en lof – 'n feesvierende menigte!" (Psalm 42:5).

Om meer te wete te kom oor die betekenis en onderhouding van die sewendedag Sabbat, kan u gerus gratis eksemplare van ons boekies, *Watter Dag is die Christelike Sabbat*? en *Die Heilige Dae – God se meestersplan,* aanvra of dit aanlyn lees by *wvm.co.za.* WvM

# Kan ons onsself red?”

## Deur Jonathan Riley

Baie lank gelede in die antieke land van Mesopotamië – só lank gelede dat die land nog nie bekend was onder daardie naam nie – het 'n jong beskawing floreer met 'n alledaagse taal, 'n eensgesinde kultuur met die gemeenskaplike doel om die bedreiging van die mensdom se vernietiging te verhoed. In, wat bekend gestaan het as die vlaktes van Shinar, was die beskawing se voortbestaan voorop in die denke van die jong gemeenskap en die dryfveer agter die fokus van hulle pogings.

Daar het 'n bietjie meer as 'n eeu verloop nadat God in die geskiedenis van die mens ingegryp het, deur byna alle lewe op die planeet met 'n verwoestende wêreldwye vloed uit te wis. Die fisiese en sielkundige gevolge van die sondvloed het daartoe gelei dat die massas 'n sterk diktator, 'n bekende man, met die naam Nimrod, gevolg het. Onder sy leiding is een van die grootste argitektoniese prestasies van die antieke wêreld begin – die konstruksie van wat ons as die Toring van Babel ken. Nimrod se doelstellings was die uitbreiding en konstruksie van verskeie stede in die streek en spesifiek ook die Toring van Babel. Dit kon dalk aanloklik voorgekom het – na 'n poging om te verhoed dat nog 'n ander rampspoedige gebeurtenis, die beskawing, soos hy dit geken het, tot 'n einde sou bring. Die toring was egter 'n simbool van die mensdom se pogings om sake in hulle eie hande te neem en om sy eie metodes van selfbehoud uit te dink op die wonderlike ronde “blou planeet” wat ons ons tuiste noem – terwyl dit om sy eie as wentel teen 'n snelheid van 1,000 km per uur (by die ewenaar) en in die ruimte voortspoed teen 67,000 km per uur. Die arrogansie van diegene wat betrokke was by die bou van hierdie toring was verbysterend en dit het deur die eeue heen voortgeduur. Verskeie tale en kulture is gevorm as gevolg van die verwarring by Babel en almal het dieselfde vleeslike uitgangspunt geërf en bevorder steeds wat Nimrod en sy volgelinge gemotiveer het, naamlik dat ons in staat is om sake in ons eie hande te neem en die bepalings van ons eie bestaan voor te skryf.

Laat ons dus vinnig vorentoe beweeg na die huidige tydvak – 'n tyd waarin die mensdom homself midde in tegnologiese vooruitgang bevind – anders as wat in die antieke wêreld denkbaar was.

**Die era van die mensdom – of die einde daarvan?**

Die wetenskap en die menslike rede het nuwe hoogtes bereik, maar tog staar die mensdom die vermeende bedreiging van rampspoedige wêreldwye klimaatsverandering in die gesig. Leiers van nasies regoor die wêreld vergader om te bespreek wat die implikasies sal wees van 'n toename in temperatuur van slegs een of twee grade Celsius. Ooreenkomste word aangegaan, klimaatsverdrae word gesluit en doelwitte word gestel. Die mensdom is vasbeslote om sake in hulle eie hande te neem om die voorspelde rigting van die aarde se klimaat te verander en om ons te red van die bedreiging van uitwissing.

In Kanada het hoofregter Richard Wagner van die hooggeregshof onlangs gesê: “Die onbetwiste bestaan van 'n bedreiging vir die toekoms van die mensdom kan nie geïgnoreer word nie” (*CTVNews.ca,* 25 Maart 2021). Die hof daar het onlangs ten gunste van federale toepassing van reguleringsheffings beslis en vereis dat alle provinsies gelykwaardige heffings vasstel ten einde koolstofvrystelling te verminder. Hoofregter Wagner het verder in sy uitspraak gesê dat die heffings “nie as belasting beskou word nie; dit is eerder gereguleerde kostes om die GGPPA [*Greenhouse Gass Pollution Pricing Act*'s] se doel te bevorder deur gedrag te verander*” (“Reference re Greenhouse Gass Polution Pricing Act, 2021 SCC,” CanLII.org*, 25 Maart 2021).

Hierdie benadering om ver-

skillende metodes te bevorder met die doel om gedrag te verander om 'n klimaatsramp te voorkom, is niks nuuts nie. *Greenpeace*, 'n organisasie wat hoofsaaklik deur Kanadese gestig is, het sedert die laat 1960's al probeer om die planeet te red. Peter Wilcox, 'n see-kaptein en aktivis vir *Greenpeace*, het in verband met die primêre doel van klimaat-aktiviste geskryf:

> "Een van die belangrikste redes waarom omgewingsbewustes en aktiviste doen wat hulle doen, is om te probeer om ons van onsself te red. Wanneer bote gevaar loop om te sink, stuur hulle 'n S.O.S.-noodroep uit. Ons skip, planeet Aarde en die passasiers daarop is in lewensgevaar, daarom stuur ek 'n ander S.O.S.-sein: 'Red Onsself'. Net ons kan ons van onsself red, so ek hoop dat ons die boodskap sal kry" (*Greenpeace.org*, 17 Junie 2016).

Die samelewing en spesifiek die Westerse wêreld, blyk vasbeslote te wees om alles in hulle vermoë te doen om koolstofdioksied in die atmosfeer te verminder. Die doel met hierdie artikel is nie om die potensiële bedreiging of voordele van 'n toename in $CO_2$ (koolstofdioksied) te ondersoek nie. Dit is belangrik om daarop te let dat dit ons verantwoordelikheid is om die planeet te versorg en te onderhou en dit nie te besoedel of te verwaarloos nie; enige poging om onsself van uitwissing te red, is egter dwaasheid as dit nie die volledige onderwerping aan ons Skepper en Sy Wette insluit nie.

Of koolstofdioksied nou 'n besoedelende stof of 'n plantaardige voedsel is, is dit aanmatigend om te glo dat die mensdom die vermoë het om die klimaat ten volle te kan bemeester. Dit oortref selfs Nimrod en sy volgelinge se arrogansie wat betref die bou van 'n toring wat tot by die hemel reik. Dit kom voor asof God heeltemal verwyder is van alle oorweging uit die harte en denke van ons leiers. Die mense van Babel moes net in die lug opkyk toe die son deur die reënwolke breek om die simbool van God se ewige belofte te sien: "... die waters sal nie meer 'n vloed word om alle vlees te verdelg nie" (Génesis 9:15). Indien ons gewillig is om daarop ag te slaan, het God hierdie gebeure in die Bybel opgeteken om ons te vermaan. Sy belofte is duidelik in die voorafgaande hoofstuk geskryf:

> "... en die HERE het in sy hart gesê: Ek sal die aarde verder nie meer vervloek ter wille van die mens nie, want die versinsels van die mens se hart is sleg van sy jeug af. En Ek sal verder nie meer al die lewende wesens tref soos Ek gedoen het nie. Van nou af sal, al die dae van die aarde, saaityd en oestyd, koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie ophou nie" (Génesis 8: 21-22).

**Hoogmoed kom voor die val**

Ons leef in 'n era wat nie veel van die antieke wêreld verskil nie. Leiers glo valslik dat hulle die mag het om 'n toekomstige massa-uitwissing te vermy. Vir hulle om dít te glo, beteken dat hulle tot die gevolgtrekking gekom het dat God nie bestaan nie óf dat hulle die realiteit van hulle menslike beperkings – of albei – verloor het. God word heeltemal uit die prentjie gelaat. Die grootste bedreiging vir die beskawing op die oomblik is nie die stygende seevlak, die wêreldklimaat of enige ander besoedelende stof nie – dit is in werklikheid die wydverspreide korrupsie van karakter wat getoon word deur die arrogansie van Nimrod en die samelewing van vandag.

Indien u hierdie artikel lees en tot die gevolgtrekking kom dat God verseker 'n allesoorheersende deel van die prentjie is, kan u bemoedig word deur die feit dat Hy in beheer is en nie enige rampspoedige gebeurtenis sal toelaat wat tot die uitwissing van lewe op ons planeet sal lei nie. Indien u meer wil weet oor hoe volkome God in beheer is en spesifiek met betrekking tot die klimaat, kan u gerus 'n gratis eksemplaar van ons boekie, *Dade van God.– Waarom natuurrampe?* aanvra. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 14 – Die waarheid aangaande Anti-Semitisme*

en beginsels en Hy het belowe om hulle te seën en vir hulle te sorg indien hulle gehoorsaam sou wees. Inderdaad, indien hulle met ywer gehoorsaam sou wees, sou Israel 'n voorbeeld wees vir die res van die mensdom en God se Wette en lewenswyse vir hulle leer.

> "Onderhou dit dan en doen dit; want dit is julle wysheid en julle verstand voor die oë van die volke wat al hierdie insettinge sal hoor en sê: Waarlik, hierdie groot nasie is 'n wyse en verstandige volk. Want watter groot nasie het gode wat vir hulle so naby is soos die HERE onse God so dikwels as ons Hom aanroep? En watter groot nasie is daar wat sulke regverdige insettinge en verordeninge het soos hierdie hele wet wat ek julle vandag voorhou?" (Deuteronómium 4:6-8).

Dit is veral belangrik om te onthou dat die eerste-eeuse Christelike Kerk – die oorspronklike Kerk – die beginsel verstaan het dat God se Wet absoluut is. Hulle het geredeneer dat indien God wel God en die Skepper van alles is, dan moet Sy Wet die absolute Waarheid verteenwoordig – die waarheid wat gevolg moet word en wat bo enige botsende menslike wet geag word.

Die halfbroer van Jesus Christus, die apostel Judas, het gesê: "GELIEFDES, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is" (Judas 3).

Hierdie verbintenis om die lewenswyse wat God ingestel het, as 'n standaard van geloof en gedrag te handhaaf, was 'n sterk grondbeginsel van die Joodse samelewing asook van die Kerk wat deur Christus en die Apostels gestig is. Albei groepe het geglo dat reg en verkeerd slégs deur God aan die hand van Sy Heilige Skrif gedefinieer kan word. Hulle het 'n gemeenskaplike waardesisteem gedeel wat nie onderhewig was aan herinterpretasie nie, aangesien die samelewing hulle waardes verander het. Die feit dat hulle die Bybelse standaarde gehandhaaf het, het veroorsaak dat albei groepe voortdurend buitestaanders in hulle gemeenskappe was. Hoe meer die sosiale orde rondom hulle afgewyk het van die werklike Bybelse leerstellings, hoe groter was die haatdraendheid teen hulle.

In 66 n.C. en weer in 135 n.C. het Joodse magte groot rebellies teen die Romeinse regering veroorsaak. Hierdie was van die moeilikste oorloë in die geskiedenis van Rome en die Romeine het baie verliese gelei – verál tydens die opstand van 135 n.C. Die Romeine het hulle nie daaraan gesteur dat die opstande deur keiserlike onderdrukking aangespoor is nie en haat teenoor die Jode en die dinge wat Joods is, het breekpunt bereik. Hierdie haat het uitgekring en die jong Christelike Kerk geaffekteer, wat vir buitestaanders baie soos 'n Joodse groep gelyk het, aangesien albei groepe die sewendedag Sabbat en die jaarlikse Heilige Dae onderhou het, asook die voedselwette wat in die Skrif gevind is eerbiedig het.

Omdat hulle Romeinse vervolging in die gesig gestaar het, het sommige vreesbevange Christene probeer om hulle van die Jode te onderskei. Baie van hulle het die Bybelse Pasga laat vaar ter wille van die ou en heidense paasfees. Hulle het hulle dag van aanbidding verskuif vanaf die sewendedag na die eerste dag van die week en verskillende leerstellings en praktyke aangeneem om hulleself verder van die Jode te onderskei. Tog het sommiges getrou by hulle oortuigings gebly en het dikwels gevaar geloop om 'n marteldood te sterf. Sommige van hulle het selfs daarin geslaag om uit die Romeinse ryk te vlug na dele van Europa wat nie deur die Romeine beheer was nie.

Selfs tot en met die Spaanse Inkwisisie het ondersoekers wat antagonisties was teenoor die Joodse geloof, sommige Jode ook vervolg, maar hulle haat was

*Vervolg op bladsy 10*

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

oorloë en geweld tussen mededingende sindikate beëindig? Ongelukkig hou die geskiedenis nie veel hoop in vir die toekoms nie.

**Die mens se vooruitgang is voorspel**

Ons by die *Wêreld van Môre* beskik nie oor die tegniese intelligensie wat professor Kaku en sy huidige kollegas besit nie. Ons haal ons hoed af vir sy briljante voorgangers, onder andere Leonardo da Vinci, Jules Verne en George Orwell. Daar is baie ander mense maar nie een van hulle het die toekoms voorspel van die belangrikste Bron van alles nie – 'n Bron wat feitlik geïgnoreer word deur die wêreld se futuriste. Daardie Bron is die Bybel. Neem die volgende in ag voordat u ophou lees.

Omtrent 'n kwart tot 'n derde van die Bybel is profesie. Baie daarvan is profesieë rakende "die laaste dae" of "die einde van die tyd" – die jare wat nog voorlê. Baie mense is verbaas om te ontdek dat die Bybel, tegnologiese en wetenskaplike vooruitgang, duisende jare vooruit voorspel het, wat 'n baie groter prestasie is as wat 'n mens sou dink.

Dit is moeilik om te begryp hoe staties ons wêreld was gedurende die grootste deel van die geskiedenis van die mens tot en met die tydperk wat nou die Industriële Revolusie genoem word en wat ongeveer van 1760 tot 1840 geduur het. Terwyl die wêreld met "die proses van verandering begin het van 'n landbou- en handearbeid-ekonomie na 'n ekonomie wat oorheers word deur industriële en meganiese vervaardiging" ("*Industrial Revolution,*" *Britannica.com*), het die grootste deel van die wêreld voortgegaan om te voet, met windkrag of letterlik "perdekrag", rond te reis. Vandag kan ons egter met kommersiële straalvliegtuie deur die wêreld reis in 'n korter tyd as wat dit 200 jaar gelede geneem het om die 225 kilometer van Washington, DC na Philadelphia te reis. Aan die begin van die 1800's was daar geen snelweë en geen motors om mee rond te reis nie. Reis soos ons dit vandag ken, moes nog 'n eeu en 'n half wag.

Verbasend genoeg is dit duidelik dat die Bybel sulke tegnologiese vooruitgang voorspel het. Daniël 12:4 beskryf dat "die tyd van die einde" gekenmerk sal word deur 'n vervoer- en kennisontploffing. Openbaring 9 praat van wapens van die toekoms wat baie ooreenstem met aanvalshelikopters, asook chemiese of biologiese wapens wat marteling veroorsaak, maar nie doodmaak nie, op só 'n groot skaal soos wat nog nie voorheen gesien is nie. Openbaring 11 vertel aan ons dat twee profete van God in Jerusalem doodgemaak sal word en dat die hele wêreld hulle dooie liggame oor 'n tydperk van drie en 'n halwe dag sal sien – wat dui op 'n visuele kommunikasie-netwerk wat nie eers gedurende die afgelope dekades bestaan het nie.

**Daar is voor die tyd gewaarsku oor die mens se korrupsie**

Selfs nog belangriker, die Bybel beskryf wat die situasie met betrekking tot die mensdom se morele agteruitgang aan die einde van hierdie era sal wees. Die tyd van Christus se Wederkoms word deur twee katastrofiese omstandighede voorspel. Die Skrif voorspel dat die onsedelike en gewelddadige gedrag van die mense wat die dae van Noag en Lot voorafgegaan het, ook die Wederkoms van Christus sal voorafgaan (Lukas 17:26-30). Gedurende die dae van Noag was "die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was ... Maar die aarde was verdorwe voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld" (Génesis 6:5, 11). Groot seksuele verdorwenheid was aan die orde van die dag wat tot die vernietiging van Sodom gelei het (Génesis 19).

Die profeet Jesaja sê vir ons dat morele standaarde voor Christus se Wederkoms onderstebo gekeer sal wees. "Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg, wat die duisternis lig maak en die lig duisternis, wat bitter soet maak en soet bitter" (Jesaja 5:20). Hy beskryf ons tydperk verder deur te sê: "So word dan die reg teruggedring en die geregtigheid bly staan van ver; want die waarheid struikel op die mark, en wat reg is, kan nie binnekom nie. Ja, die waarheid word vermis; en wie afwyk van die kwaad, word geplunder" (Jesaja 59:14-15).

# Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

Die Bybel waarsku ons ook dat 'n magtige, charismatiese leier in Europa na vore sal kom, tesame met 'n godsdiensleier wat wonderwerke sal doen. Hierdie twee mense mag die wêreld dalk tydelik stabiliteit bied maar hulle heerskappy sal rampspoedig wees. Toestande sal so versleg dat die mensdom slegs deur ingryping van God, totale vernietiging sal vryspring (Matthéüs 24:21-22).

Die *Wêreld van Môre* voorspel hierdie verwikkelings en dit is nie gebaseer op hoë intelligensie nie, maar eerder op geloof in die Waarheid van die Bybel. 'n Rooskleurige prentjie oor die mensdom se toekoms is nie as gevolg van tegnologie wat ons sal help om die "pyn van ander mense te voel en ervaar" nie, maar deur die Gees van God wat in die harte en gedagtes van alle mense sal woon. Om meer te begryp, bestel gerus ons gratis studiegids *Die Wêreld van Môre: Hoe sal dit daar uitsien?*



## Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**